# Die toepassing van die *sub judice*-reël in die Afrikaanse dagblad *Beeld*.

Carla Mouton (B.BK)

Navorsingsverslag voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in Kommunikasiepraktyk aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Me. T. Swanepoel

Mede-studieleier: Prof. dr. J.D. Froneman

2007

Potchefstroomkampus

## Voorwoord

Ek wil graag die volgende persone bedank wat dié studie help moontlik maak het:

- Dankie aan my Hemelse Vader vir genade en die wil om te leer.
- Aan my studieleiers, mev. Thalyta Swanepoel en prof. Johannes Froneman, baie dankie vir julle geduld, insette en goeie leiding.
- Aan my ouers, dankie vir aanmoediging, ure op jul knieë en die geleentheid om verder te studeer.
- Aan Quinton, dankie vir eindelose bystand, ondersteuning en geduld.

## Opsomming

Die *sub judice*-reël is tans 'n veelbesproke punt van die mediareg wat bykans konstant in die spervuur is. Redakteurs en joernaliste vaar gedurig uit teen dié reël wat hul vryheid van spraak aan bande lê in 'n poging om die beskuldigde in 'n hofsaak 'n billike en regverdige verhoor te gee. Aan die ander kant is die regslui wat meen die *sub judice*-reël is onontbeerlik vir die verloop van die regsadministrasie.

Hierdie reël, wat moet verhoed dat die media die regsproses vooruitloop, skep verder groot verwarring vir die joernaliste omdat dit nie konsekwent toegepas word nie. Regters waarsku die media telkens tydens 'n hoë profielsaak om nie die *sub judice*-reël te oortree nie. Publikasies wat dit wel verbreek, word egter nie vir minagting van die hof gedagvaar nie.

Die doel van die skripsie is om vas te stel hoe dié gemeenregtelike bepaling deur die Afrikaanse dagblad *Beeld* toegepas word. Die wyse waarop hierdie toonaangewende koerant die reël hanteer is van belang vir ander joernaliste en die lesers. Die ontstaan, ontwikkeling en funksie van die reël word verder ook ondersoek.

Daar is gevind dat *Beeld* nie die *sub judice*-reël blatant oortree het soos sommige ander koerante nie. Die oortredings wat wel gevind is, is genuanseerde oortredings volgens verskeie kenners se interpretering van die reël. Hierdie genuanseerde oortredings berus meer op die siening dat die hof se onafhanklikheid en geloofwaardigheid in die publiek se oë gehandhaaf moet word as op die werklike vooruitloop van 'n hofsaak.

***Trefwoorde:*** *Sub judice-reël, pers, regsproses, minagting van die hof, openbare belang, vryheid van spraak, reg op billike verhoor.*

## Abstract

The *sub judice* rule is a media law practice that is currently often in the spotlight. Editors and journalists are constantly furiously speaking out against this rule that limits their freedom of expression in an attempt to assure the accused's fair and proper trial. Practitioners of the law, on the other side, say the *sub judice* rule is indispensable to the proper administration of justice.

The rule, which much prevents the media from interfering with a pending case, causes confusion under journalists, as it is not consistently applied. Judges often warn the media against the violation of the rule during a high profile case, but those who do break the rule are not charged with contempt of the court.

The aim of this study is to determine how *Beeld*, the Afrikaans daily newspaper, applies the *sub judice* rule in his reporting. The way in which this leading paper handles the rule is of importance to other journalists as well as the readers. The origin, development and function of the rule are also examined.

It was established that *Beeld* did not contravene the *sub judice* rule as unceremoniously as a few other newspapers. *Beeld*'s violations of the rule were different experts' nuanced interpretations thereof. These violations is more based on the perception that the court's independence and worthiness must be upheld in the public eye than on the rule's actual function to guard against the interfering in the due course of a case.

***Key words**: Sub judice rule, press, administration of justice, contempt of the court, public interest, freedom of speech, right to fair and proper trial.*

# Inhoudsopgawe


**Inhoudsopgawe** i

**Hoofstuk 1: Agtergrond, probleemstellings en doelstellings** 1

1.1 Inleiding 1
1.2 Die openbare belang 2
1.3 Reg op vryheid van spraak 3
1.4 Term dikwels misbruik 4
1.5 Algemene navorsingsvraag 4
1.5.1 Spesifieke navorsingsvrae 4
1.5.2 Spesifieke navorsingsdoelwitte 5
1.6 Rigtinggewende argumente 5
1.7 Metode van ondersoek 7
1.7.1 Literatuurstudie 7
1.7.2 Empiriese ondersoek 7
1.7.2.1 Inhoudsanalise 8
1.7.2.2 Onderhoude 9
1.8 Struktuur van die studie 9

**Hoorstuk 2: Die *sub judice*-reël in die Suid-Afrikaanse mediareg: 'n teoretiese agtergrond** 10

2.1 Inleiding 10
2.2 *Sub judice* 12
2.2.1 'n Definisie en ander uitgangspunte 12
2.2.2 Slaggate rondom die *sub judice*-reël 16
2.2.3 Aftakeling van die hof (*Scandalising the court)* 19
2.3 Oorsprong van die *sub judice*-reël 21
2.4 Huidige posisie in Suid-Afrika 22
2.5 Die *sub judice*-reël en die Grondwet 23
2.6 Vryheid van uitdrukking vs die reg op billike verhoor 25
2.6.1 Vryheid van uitdrukking 25
2.6.2 Reg op billike verhoor 27
2.7 Voorgestelde oplossings uit die literatuur 28
2.7.1 Wetlike standaard vir beperkinge op spraak 28
2.7.1.1 Standaard vir bewyse 29
2.7.1.2 *Mens rea* 29
2.8 Die empiriese ondersoek 30

**Hoofstuk 3: Kwalitatiewe analise van beriggewing oor Donovan Moodley** 30

3.1 Inleiding 30
3.2 Agtergrond 31
3.3 Só is 'vriend' gevang 31
3.4 'Hebsug lei tot moord op Leigh' en Sy ouma het vir Leigh gebid 32
3.5 Ontsteld oor 'die gevaar van binne' 35
3.6 'Publiek word teen verdagte gedraai!' 35
3.7 Gevolgtrekking 37

**Hoofstuk 4: Kwalitatiewe analise van beriggewing oor Jacob Zuma** 37

4.1 Inleiding 37
4.2 Agtergrond 38
4.3 Saak 312/11/2005 39
4.4 Verklaring deur mnr. Jacob Zuma, adjunkpresident van die ANC 40
4.5 Regskenners verskil oor Zuma-saak se uiteinde 40
4.6 Msholozi kap media wat hom verhoor 41
4.7 'My name is Zuma' en ek wil iets eis 42
4.8 Gevolgtrekking 43

**Hoofstuk 5: Kwalitatiewe analise van beriggewing oor die Tuks-vier-verkragtingsaak** 44

5.1 Inleiding 44
5.2 Agtergrond 44
5.3 Verkrag-hel in Tuks-koshuis 45
5.4 Afgryse op Tuks oor beweerde verkragting en Politici veroordeel 'barbaarse' voorval 46
5.5 18-jarige se sielestryd 47
5.6 Pille vóór leuentoets 48
5.7 Maroela-4 skotvry 49
5.8 Gevolgtrekking 50

**Hoofstuk 6: Kwalitatiewe analise van beriggewing oor Schabir Shaik** 51

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Inleiding | 51 |
| 6.2 | Agtergrond | 51 |
| 6.3 | Zuma-geldman deel van wapentransaksie | 53 |
| 6.4 | Skerpioene bevestig Shaik-ondersoek | 53 |
| 6.5 | 'Staak die kommentaar' | 54 |
| 6.6 | Gevolgtrekking | 54 |

**Hoofstuk 7: Slot** 56

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Inleiding | 56 |
| 7.2 | Gevolgtrekkings | 56 |
| 7.2.1 | Literatuurstudie | 56 |
| 7.2.2 | Empiriese studie | 58 |
| 7.3 | Aanbevelings | 63 |
| 7.4 | Verdere navorsing | 66 |

**Bronnelys** 67

# Hoofstuk 1: Agtergrond, probleemstelling en doelstellings

## 1.1 Inleiding

Een van die kwessies in die mediawêreld waaroor geen twyfel bestaan nie, is die onsekerheid rondom die *sub judice*-reël. Dié gemeenregtelike bepaling, wat letterlik vertaal "onder die reg" beteken, bepaal dat die media nie 'n hofsaak vooruit mag loop vandat die regsproses in aanvang geneem het nie. Hiervolgens mag geen materiaal oor hangende siviele en kriminele sake gepubliseer word wat die uitkoms van die geding kan beïnvloed nie (Penfold & Bownes, 2005:1).

Die Suid-Afrikaanse *sub judice*-reël het sy oorsprong in die gemenereg van die Verenigde Koninkryk. Dié reël is oorspronklik in Engeland ingestel omdat die regbank daar uit jurielede bestaan het wat leke van die reg was. Die *sub judice*-reël se doel was om die jurielede teen die vooroordeel te beskerm wat mediaberigte tot gevolg kon hê. Verhoor deur 'n jurie is egter meer as 30 jaar gelede al in Suid-Afrika afgeskaf (Wet op Afskaffing van Juries 34 van 1969, Hill, 2001:266).

Koerante en tydskrifte oortree daagliks hierdie reël, omdat hulle weet die moontlikheid is uiters skraal dat hulle vir minagting van die hof aangekla sal word. Vergelyk byvoorbeeld *Huisgenoot*/*You* se publisering van die bekentenis deur Donovan Moodley (Leigh Matthews se moordenaar) se selmaat (*Huisgenoot*, 14 Oktober 2004) voordat dit in die hof aangehoor is, en *Rapport* se beriggewing dat Leigh Matthews se lyk vir dae in 'n yskas gehou is alvorens dit in die hof as bewys ingedien is (Meyer & Jansen, 2006:1). In albei hierdie gevalle word die *sub judice*-reël blatant oortree, omdat dit die regsproses vooruitloop.

Regters waarsku gereeld in hoëprofielsake teen die gevolge wat die oortreding van die *sub judice*-reël vir die media kan inhou, maar daadwerklike stappe word

selde teen die oortreders gedoen. 'n Voorbeeld hiervan is regter Hilary Squires wat tydens die Schabir Shaik-saak telkens teen vervolging gemaan het, nadat die *Sunday Tribune* op 17 Oktober 2004 inligting gepubliseer het wat nog nie aan die hof voorgelê is nie (sien hoofstuk 6). Geen publikasie is egter so ver vasgestel kon word, vervolg nie. In kleiner hofsake is daar dikwels nie eens sprake van vermanings dat die reël gehoorsaam moet word nie (Mail & Guardian Online, 2004).

## 1.2 Die openbare belang

Dié klaarblyklik inkonsekwente toepassing van die *sub judice*-reël veroorsaak groot verwarring onder joernaliste. Die reël word al hoe meer afgewater, maar weer opgehaal wanneer 'n saak van groot openbare belang mediadekking geniet.

Die voormalige adjunkpresident, mnr. Jacob Zuma, het die media byvoorbeeld telkens aangeval, omdat hulle kwansuis die *sub judice*-reël oortree het deur hom telkens in die openbaar te "verhoor" (Coetzee & Le Grange, *Beeld,* 9 Mei 2006). Volgens Zuma het die media hom as die skuldige party uitgebeeld. Dit is dus veral nie altyd moontlik om vooraf te bepaal of die publikasie dié reël kan oortree en skotvry daarvan afkom op grond daarvan dat die betrokke saak van oorweldigende openbare belang is nie.

Die kwessie van openbare belang word wel gereeld deur die media as 'n verweer teen die oortreding van die *sub judice*-reël gebruik (Mail & Guardian Online, 2004). Die publiek het immers ingevolge Artikel 16 van die Grondwet (1996) die reg op inligting, word geargumenteer. Die onderskeid tussen wanneer inligting van oorweldigende openbare belang is en wanneer dit die publiek bloot sal interesseer, is egter dikwels nie duidelik nie.

In hierdie opsig is De la Harpe (2006) se opinie rakende openbare belang van toepassing. Volgens hom moet die media 'n belangrike inligtingsfunksie vervul deur te berig oor sake wat die publiek raak, soos die korrupsiesaak teen Schabir Shaik (sien hoofstuk 6). Hierdie saak het immers elke belastingbetaler geraak. In ander gevalle, meen hy, is die media net opsoek na sensasie en verskaf inligting wat bloot interessant is, maar nie noodwendig in die openbare belang nie.

## 1.3 Reg op vryheid van spraak

Alhoewel die *sub judice*-reël nie regstreeks verbind kan word met die reg op vryheid van spraak nie omdat dit op gesonde regspleging van toepassing is, het dit tog 'n wesenlike invloed op die media se vryheid van spraak.

Dié reg word uitdruklik deur artikel 16 (1) in die Grondwet beskerm en deur subartikel 2 beperk:

> (1) Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is -
> a) die vryheid van die pers en ander media;
> b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;
> c) die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
> d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.
>
> (2) Die reg in subartikel (1) omvat nie –
> a) propaganda vir oorlog nie;
> b) die aanstigting van dreigende geweld nie; of
> c) die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid d) of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie.

Volgens Burns (2001:57) is hierdie vryheid vir die media noodsaaklik, omdat die media 'n belangrike waghondfunksie speel wat regeringswanpraktyke en onbevoegdheid aan die lig bring. Dié reg van die media word egter ingeperk wanneer die verloop van die gereg in gedrang kom (vgl. Hill, 2001:565). In hoë profielsake word die media se reg op vryheid van spraak ook gereeld deur openbare figure ingeperk. 'n Voorbeeld hiervan is dat joernaliste aanvanklik nie

by Zuma se eerste hofverskyning tydens sy verkragtingsverhoor toegelaat is nie, asook dat die *Star* deur Zuma gedagvaar is na aanleiding van spotprente deur die kunstenaar Zapiro (Smit, *Beeld*, 4 Augustus 2006).

## 1.4 Term dikwels misbruik

Om die situasie verder te kompliseer, word dié term dikwels deur amptelike woordvoerders misbruik omdat hulle soms nie weet wat dit beteken wanneer 'n saak *sub judice* is nie. Andersyds beweer nuusbronne, soos polisie- en ander amptelike woordvoerders, ook vinnig dat inligting *sub judice* is as hulle sekere inligting nie mag bekend maak of bloot nie wil nie (De Bruin, 2006).

Teen die bogenoemde agtergrond moet *Beeld* as die grootste Afrikaanse dagblad bykans daagliks besluite neem wat verband hou met die *sub judice*-reël. Die redakteur en senior redaksielede doen dit, indien nodig, in konsultasie met die koerant se regsadviseurs (eie waarneming). Hoe dié toonaangewende blad dit hanteer, is nie net van belang vir die koerant en sy lesers nie, maar ook vir ander joernaliste en die publiek in die algemeen. Vandaar die doelwit om in hierdie skripsie te probeer vasstel hoe die gemeenregtelike bepaling deur die Afrikaanse dagblad *Beeld* toegepas word.

## 1.5 Algemene navorsingsvraag

In die lig van bogenoemde kom die volgende algemene navorsingsvraag na vore:

**Hoe word die *sub judice*-reël in die Afrikaanse dagblad *Beeld* toegepas?**

### 1.5.1. Spesifieke navorsingsvrae:

Die volgende navorsingsvrae spruit uit die algemene navorsingsvraag:

1.5.1.1 Wat behels die *sub judice*-reël en watter funksie vervul dit tydens die verloop van die regsprosesse in die hedendaagse samelewing?

1.5.1.2 Hoe word die *sub judice*-reël volgens die literatuur in die Suid-Afrikaanse media toegepas?

1.5.1.3 Hoe word die *sub judice*-reël deur *Beeld* toegepas?

1.5.1.4 Hoe kan die reël (indien moontlik) aangepas word om groter persvryheid te gee sonder om individue se regte aan te tas?

### 1.5.2 Spesifieke navorsingsdoelwitte:

Na aanleiding van bogenoemde navorsingsvrae is die doelwitte van die studie om te bepaal:

1.5.2.1 Wat die *sub judice*-reël behels en watter funksie dit vervul tydens die verloop van die regsproses in die hedendaagse samelewing;

1.5.2.2 Hoe die *sub judice*-reël, volgens beskikbare literatuur, in die Suid Afrikaanse media toegepas word;

1.5.2.3 Hoe die *sub judice*-reël deur *Beeld* toegepas word; en

1.5.2.4 Hoe die *sub judice*-reël (indien moontlik) aangepas kan word sonder om individue se regte aan te tas.

## 1.6. Rigtinggewende argumente

Alhoewel kritici binne en buite die mediabedryf verskil oor die presiese tydstip waarop 'n saak *sub judice* is, is daar spesifieke oortredings van die reël wat tot 'n saak van minagting van die hof teen die publikasie kan lei (sien hoofstuk 2).

Burns (2001:229) en Stuart (1986:84) vat die oortredings van die *sub judice*-reël soos volg saam:

1.6.1 Kommentaar oor die meriete van 'n hangende siviele- of strafregtelike saak;

1.6.2 Die publisering van materiaal wat tot vooroordeel kan lei alvorens dit as bewyse in die hof aanvaar is [*Makiwame v Afrikaanse Pers Beperk* 1957 2 SA 560 (W) at 562];

1.6.3 Versoeke aan die regter om bewyse te verwerp wat met verloop van die regsproses ingedien is [*S v Van Niekerk* 1972 3 SA 711 (A)];

1.6.4 Die publisering van inligting van 'n beskuldigde voor die verhoor afgehandel is, byvoorbeeld besonderhede van sy vorige kriminele oortredings alvorens dit in die hof bewys is;

1.6.5 Die publisering van enige inligting wat 'n beskuldigde of regspersoon beoog om in die hof te gebruik of wat 'n bevinding voor die hof vel;

1.6.6 Die publisering van 'n foto van 'n beskuldigde waar sy/haar identiteit 'n kwessie is; en

1.6.7 Die publisering van enige inligting wat die hof se bevindings kan beïnvloed, soos die publisering van 'n dreigement.

Buiten vir die bogenoemde blatante oortredings van die *sub judice*-reël is dit ook belangrik om die genuanseerde oortredings van die reël uit te lig aangesien dit ook gebruik word tydens die empiriese ondersoek. Burchell en Milton (2005: 949-950) vat dit soos volg saam:

1.6.8 Kommentaar wat suggereer dat 'n persoon skuldig of onskuldig is op die aanklag(te);

1.6.9 Die aanval van die persoon se karakter of om die persoon lof toe te swaai; en

1.6.10 Kommentaar oor die geloofwaardigheid, karakter of gedrag van 'n getuie.

## 1.7. Metode van ondersoek

### 1.7.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is gedoen deur boeke, artikels in tydskrifte, internetbronne, koerantberigte en artikels en hofsake te bestudeer. Die doel van die literatuurstudie was om vas te stel op welke regsgronde die *sub judice*-reël rus en ook om die ontstaan en ontwikkeling daarvan na te vors. Daar is verder in die literatuurstudie ondersoek ingestel na die toepassing van die reël in die Suid-Afrikaanse media en die gevolge van die verbreking van die reël. Dit word in hoofstuk 2 bespreek.

Die volgende bronne is geraadpleeg: Nexus, Media24, Ferdinand Postma Katalogus, Juta, LawSA en verskeie internetbronne.

Uit die Nexus-databasis-soektog blyk dit dat daar geen soortgelyke studie gedoen is nie. Die literatuurstudie het egter oor die algemeen genoeg inligting oor die onderwerp opgelewer om die studie uitvoerbaar te maak. Wentzel (1997) se regstudie oor minagting van die hof *in facie curiae* en Masuale (2004) se studie getiteld: *The Constitutional protection of freedom of speech and the prohibition of hate speech in South Africa* kan wel uitgesonder word.

### 1.7.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek van hierdie studie bestaan uit twee afdelings, naamlik die inhoudsanalise en onderhoude. In hierdie afdeling word 'n duidelike uiteensetting gegee oor die wyse waarop die inligting vir beide afdelings ingesamel is.

1.7.2.1 Inhoudsanalise

Hierdie gedeelte van die empiriese ondersoek fokus op beriggewing in *Beeld* oor vier prominente hofsake waar die *sub judice*-reël duidelik ter sprake is. Dié vier sake is gekies omdat dit groot mediadekking geniet het en dit blyk of *Beeld*, asook ander media, die *sub judice*-reël telkens oortree het. Hierdie sake is:

- Donovan Moodley, Leigh Matthews se moordenaar, soos gepubliseer vanaf 5 Oktober 2004 tot 18 November 2005.
- Schabir Shaik, die voormalige adjunk-president Jacob Zuma se finansiële raadgewer, wat tereg gestaan het op aanklagte van korrupsie en bedrog, soos gepubliseer vanaf 4 September 2003 tot 9 Desember 2005.
- Die Tuks-vier, ook genoem die Maroela-vier, wat na bewering 'n matrikulant in 'n koshuiskamer in Huis Maroela by die Universiteit van Pretoria verkrag het, soos gepubliseer vanaf 12 September 2004 tot 21 Februarie 2004.
- Mnr. Jacob Zuma, voormalige adjunkpresident, se verkragtings-verhoor soos gepubliseer vanaf 6 Maart 2006 tot 11 Mei 2006.

Die inhoud van die berigte is vervolgens ontleed om te sien hoe (indien wel) *Beeld* die *sub judice*-reël oortree het in die manier waarop die koerant die reël toegepas het. Die kriteria wat gebruik is tydens die ontleding van die berigte om vas te stel of *Beeld* die reël oortree het, word in hierdie hoofstuk in afdeling 1.6 uiteengesit. In die breë gesien, word daar beoordeel of die beriggewing die regsproses op enige wyse sou kon beïnvloed.

In die gevalle waar die *sub judice*-reël wel oortree is, is die hof se reaksie daarop en die gevolge van die oortreding ook ondersoek. Elke afsonderlike hofsaak is onder die opskrifte van die berigte soos dit in *Beeld* gepubliseer is, ontleed. Hierdie analisering is gedoen aan die hand van die oortredings wat Burns (2001:229) uitwys, asook die fyner genuanseerde oortredings van die reël, soos

in afdeling 1.6 genoem.

Die inhoudsanalise-afdeling word kwalitatief gedoen omdat dit reeds deur navorsing as effektief bewys is wanneer tekste beoordeel word waar betekenis ter sprake is (Hatch, 2002:9; Silverman, 2000).

1.7.2.2 Onderhoude

Ten einde die studie se waarde te verhoog, is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met mnr. Philip de Bruin, oud-landdros en 'n adjunk-redakteur van *Beeld*; mnr. Faan Coetzee, *Beeld* se regsverteenwoordiger wat daagliks met die *sub judice*-reël te doen kry en prof. Stephen de la Harpe en mnr. Pieter du Toit van die regsfakulteit van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus).

Dié onderhoude is gedoen om vas te stel *hoe* die *sub judice*-reël tans deur die media toegepas word, asook om groter duidelikheid te kry oor *waarom* dit op daardie spesifieke manier toegepas word. Daar is ook ondersoek ingestel na die wyse waarop die toepassing van die reël mettertyd verander het en om te bepaal watter rol dié reël nog speel.

## 1.8. Struktuur van die studie

Hoofstuk 1: Agtergrond, probleemstelling en doelstellings

Hoofstuk 2. Die *sub judice*-reël in die Suid-Afrikaanse mediareg
In hierdie teoretiese hoofstuk sal gefokus word op die ontstaan, ontwikkeling en funksie van die reël. Daar sal ook breedweg gekyk word hoe die reël deur die Suid-Afrikaanse media toegepas word, na kenners se menings oor die bestaan en die toepassing van die reël.

Hoofstuk 3. Kwalitatiewe analise: Beriggewing oor Donovan Moodley

Hoofstuk 4. Kwalitatiewe analise: Beriggewing oor Jacob Zuma

Hoofstuk 5. Kwalitatiewe analise: Beriggewing oor Tuks-vier

Hoofstuk 6. Kwalitatiewe analise: Beriggewing oor Shabir Shaik

Hoofstuk 7. Slot

In die empiriese hoofstukke (3-6) sal beriggewing deur *Beeld* geanaliseer word om vas te stel hoe die koerant die *sub judice*-reël toepas. Laastens sal daar ook gekyk word na moontlike aanpassings van die reël ten einde die pers meer vryheid te gee, maar steeds die individue se grondwetlike reg te beskerm (hoofstuk 7).

# Hoofstuk 2: Die *sub judice*-reël in die Suid-Afrikaanse mediareg: 'n teoretiese agtergrond

## 2.1 Inleiding

Die wetlike posisie van die pers het sedert die 1993 Interim Grondwet fundamentele veranderinge ondergaan. Vryheid van uitdrukking en die vryheid van die pers word tans uitdruklik deur artikel 36(1) van die 1996 Grondwet beskerm en slegs wetlik aan bande gelê deur die beperkings soos in die Grondwet self uitgestippel (Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wet 108 van 1996 subartikel 2).

Dié nuwe posisie dui op een sentrale konstitusionele doelwit, naamlik 'n oop,

demokratiese regeringsisteem. Die rol wat die media speel ten einde hierdie funksie te vervul, is van kardinale belang aangesien die media een van die hoekstene van 'n volhoubare demokrasie vorm (Burns, 1997:265). Hierdie waghonde van die samelewing moet korrupsie, oneerlikheid en ander onreëlmatighede uitsnuffel en aan die lig bring. Die media vervul egter ook 'n belangrike inligtingsfunksie en verskaf die platform waarop mense idees kan uitruil in ooreenstemming met elke mens se grondwetlike regte. Dié funksies van die media word egter tot 'n mate aan bande gelê deur die veelbesproke *sub judice*-reël.

Die Suid-Afrikaanse *sub judice*-gemeenregtelike bepaling het, soos vroeër genoem, sy oorsprong in die gemenereg van die Verenigde Koninkryk die jurielede teen vooroordeel te beskerm. Reeds so vroeg soos 1742 het 'n regter in die saak van die *St. James Evening Post* beslis "there may also be a contempt of this court, in prejudicing mankind against persons before the cause is heard" (Cleaver, 1993:530).

Die *sub judice*-reël het in Suid-Afrika sterk in die kollig gekom toe prof. Barend van Niekerk in1971 'n petisie gelei het teen die bepalings van die Wet op Terrorisme (wet 83 van 1967). Hy het uitgevaar teen die artikels in die wet waarvolgens persone sonder verhoor in aanhouding gehou en ondervra kon word.

Van Niekerk het die regbank gemaan om die geldigheid van die bewyse wat op hierdie manier verkry is, nie te aanvaar nie (Cleaver, 1993:530). Dié voorval het tot gevolg gehad dat Van Niekerk aangekla is vir minagting van die hof – 'n kwessie wat daartoe gelei het dat die appèlhof die *sub judice*-reël vir die eerste keer oorweeg het.

Wanneer die toepassing van dié reël bekyk word, bepaal dit dat die sogenaamde *trial by media*, waartydens die betrokke partye oor-en-weer hul kante van die

saak kan stel en een van die partye dikwels reeds só "skuldig bevind word", ook dadelik moet staak wanneer die reg sy gang begin gaan ten einde 'n billike en regverdige verhoor te verseker. Die media word verder ook verbied om enige inligting te publiseer wat nog as bewyse in 'n hofsaak gelewer moet word wat dus sodoende poog om die beslissing van die hof vooruit te loop (Hill, 2001:563).

Soos in hoofstuk 1 genoem, verbreek publikasies daagliks hierdie reël omdat hulle weet dat hulle nie maklik van minagting van die hof aangekla sal word nie. Sodra 'n saak groot mediadekking geniet, sal daar gereeld gemaan word teen die oortreding van die *sub judice*-reël, maar dié waarskuwings bly gewoonlik net 'n geblaf sonder byt.

'n Voorbeeld hiervan kan gesien word in die verkragtingshofsaak teen die vier Tukkies-studente (hoofstuk 5) wat daarvan aangekla is dat hulle 'n matriekleerling beurtelings verkrag het. Die direkteur van openbare vervolging is tydens die verloop van die saak deur regter Retha Meintjies gevra om klagtes teen die media te ondersoek omdat sy meen die media het die *sub judice*-reël oortree. Volgens Meintjies het die media nie genoeg beskerming aan die beskuldigdes en die klaagster gegee nie (Pepler & La Grange, *Beeld*, 13 September 2003). Sover vasgestel kon word, is daar geen verdere stappe teen die media gedoen nie.

## 2.2 *Sub judice*

### 2.2.1 'n Definisie en ander uitgangspunte

Die *sub judice*-reël word as volg deur Maré (1997:287) in LAWSA gedefinieer:

> The crime consists in unlawfully and intentionally interfering in the administration of justice in a matter pending before a judicial body, by means of a publication which has the tendency to interfere improperly with the administration of justice.

Ten einde die definisie te verduidelik, word vervolgens gekyk na die onderskeie sleutelterme soos saamgevat deur Burchell en Milton (2005:948), naamlik:

- Onwettig: Wat minagting in die vorm van die openbare kommentaar op die howe, regslui en die gereg betref, is sekere uitlatings nie onwettig nie. Die voorwaarde is dat dit in die openbare belang (sien afdeling 1.2) moet wees en in ooreenstemming met die reg op vryheid van spraak en die beperkings daarop, dus wat die media mag publiseer. Regverdige kritiek is wettig en redelike argumente mag aangevoer word teen regsprosesse as laasgenoemde nie in die openbare belang is nie.

- Opset: Die persoon moet bedoel om die verloop van die regsproses te belemmer of te verhinder of die moontlikheid kan voorsien dat sy dade daartoe kan lei. Die geval van koerante is egter 'n uitsondering op die reël. 'n Koerantredakteur kan byvoorbeeld nie die verweer gebruik dat hy/sy onbewus is van wat in die koerant gepubliseer word nie of dat hy/sy onbewus is daarvan dat die saak waaroor die inligting gepubliseer is, aanhangig is nie. Nalatigheid is in so 'n geval voldoende skuldvorm (Snyman, 1995:341).

- Inmenging/verhindering: 'n Poging om in te meng of die verloop van die regsproses te verhinder, word gedefinieer as die onwettige daad om die regsproses te verydel of te belemmer. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n koerant iemand valslik van 'n misdaad beskuldig.

- Administrasie van die gereg: Vir die doel van die *sub judice*-reël verwys die term na die geregtelike administrasie van die gereg in siviele of kriminele sake. Indien dit wat belemmer word administratiewe prosedures is, is die misdaad nie gepleeg nie. Die geregtelike administrasie van die gereg is afgehandel wanneer die hof sy uitspraak gelewer het.

- 'n Regsliggaam: Minagting van die hof het slegs te doen met die misdryf wat met die verloop van die regsproses inmeng in of deur die howe en nie

sover dit die uitvoerende regering, sy amptenare, werknemers en dienaars aangaan nie, behalwe wanneer die aanval op hulle disrespekvol op die howe reflekteer.

- Strekking: Wanneer die hof bepaal of die publikasie die *sub judice*-reël oortree het, gebruik hy die strekkingsstoets (*tendency test*). Hiervolgens word gekyk of die gepubliseerde inligting bloot die strekking het om onbehoorlik met die administrasie van die gereg in te meng tydens 'n saak wat nog voor die hof dien. Die toets behels dat die misdaad van minagting van die hof gepleeg is nieteenstaande:
    a) die hof uiteindelik wel deur die publikasie beïnvloed is; of
    b) die hof onder geen omstandighede deur die publikasie beïnvloed sou word nie; of
    c) die publikasie wel onder die aandag van die hof gekom het (Maré,1997).

In die praktiese uitvoering van die toets gebruik die hof die kriteria dat indien die feite in die publikasie deur die tribunaal aanvaar word, of dit die prosedures sou beïnvloed. Selfs al sou daar nie aan die toets voldoen word nie, kan die gepubliseerde materiaal steeds die neiging of strekking tot vooroordeel in die saak hê as daar 'n redelike moontlikheid kan wees dat die publikasie getuies kan verwilder of partye kan laat onttrek.

Uit S v Van Niekerk blyk dit ook dat die hof nie vra of die regter werklik deur die publikasie beïnvloed is nie. Daar word wel gekyk of die verklaring of dokument ter sprake poog om met die verloop van die gereg in 'n hangende saak in te meng. In bogenoemde saak het Van Niekerk die regter gevra om getuies wat onder die destydse Wet op Terrorisme aangehou is, as ongeloofwaardig te ag. In daardie stadium was daar 'n hofsaak hangend teen ene Hassim waartydens talle van die aangehoudenes onder hierdie wet vir die staat getuig het. Van Niekerk is toe skuldig bevind aan minagting van die hof.

Daar word ook weer na die strekkingstoets verwys in S v Harber toe die *Weekly Mail* 'n berig oor die regter se sogenaamde eie notas geskryf het, terwyl 'n saak van hoogverraad aan die gang was. Die berig was volgens die toets minagtend, omdat dit die strekking gehad het om met die bewyse in die saak in te meng. Dié strekkingstoets is deur die hof afgelei uit 'n Britse toets, naamlik die wesenlike-risiko-toets. Dié toets ondersoek of die publikasie van die betrokke inligting 'n wesenlike risiko inhou om met die verloop van die geregtelike prosedures in te meng.

Reeds wanneer daar na die definisie van die *sub judice*-reël gekyk word, steek die eerste probleem kop uit. Daar is geen duidelike antwoord oor wanneer die regsproses begin en gevolglik ook nie sekerheid oor wanneer 'n saak *sub judice* is nie [vgl. Burchell en Milton (2005:943)]. De Bruin (2006) stem saam dat daar groot verwarring hieroor is (2006). Die onsekerheid maak dit uit die aard van die saak baie moeilik vir joernaliste om dan nié die *sub judice*-reël te oortree as hulle nie eers weet wanneer die saak onder die reg is nie.

De Bruin (2006) meen daar is drie groepe wat elk sterk sienings het oor wanneer 'n saak hangend is.

Die eerste groep meen 'n saak is *sub judice* wanneer 'n persoon *op 'n bepaalde klag* in hegtenis geneem word. In die oorgrote meerderheid van gevalle in Suid-Afrika word 'n persoon egter aangekeer omdat die polisie *vermoed* dat hy/sy 'n verdagte is. So 'n persoon word dus in hegtenis geneem *vir ondervraging* wat verband hou met die aanklag en nie óp 'n bepaalde aanklag nie. In so 'n geval het die regsproses dus nog nie begin nie, omdat die persoon nie op 'n bepaalde klag in hegtenis geneem is nie. Die verdagte moet dan binne 48 uur formeel aangekla word en in die hof op die aanklag verskyn of vrygelaat word.

Volgens De Bruin (2006) meen die tweede groep weer die verhoor begin eers wanneer die persoon se naam in die hof geroep word. Die *sub judice*-reël tree

dan ook op daardie tydstip in werking.

Die derde groep is van mening dat wanneer 'n verdagte se naam in die landdroshof geroep word om verhoor te word op 'n aanklag wat waarskynlik in die hooggeregshof beregbaar is, (insluitend moord, ernstige aanranding en verkragting) die verhoor eers in die hooggeregshof begin. Alhoewel die persoon dan in die landdros- of streekhof verskyn, is die saak steeds nie *sub judice* nie, omdat dit nie in die spesifieke hof verhoor kan word nie.

Adv. Pieter du Toit (2006), regsgeleerde aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, skaar hom by die tweede groep. Net so skakel die media se siening ook oorheersend by dié groep in wat 'n saak as hangend sien vandat die verdagte in die hof op 'n aanklag(te) verskyn.

Burns (2001:228) meen weer dat 'n saak hangend is vanaf die aanvang van strafregtelike prosedures, soos die tydstip van arrestasie. Die saak is van daardie tydstip af *sub judice* alhoewel die hofsaak nie noodwendig in aanvang is nie, argumenteer sy. Siviele en strafregtelike sake is afgehandel wanneer die hoogste hof van appèl 'n uitspraak gelewer het of wanneer die beskikbare tydperk vir aansoek om appèl verstreke is en geen appèl ingedien is nie.

Vanuit die media se oogpunt is die *sub judice*-reël dus erg problematies.

### 2.2.2 Slaggate rondom die *sub judice*-reël

Volgens Burns (2001) kan 'n publikasie hom 'n klag van minagting van die hof op die hals haal deur kommentaar op die meriete van 'n hangende saak te publiseer en enige inligting wat die regsproses vooruitloop, bekend te maak. Ander slaggate waarvoor 'n verslaggewer moet uitkyk, sluit in:

- Die publisering van inligting oor 'n aangeklaagde voor die verhoor

afgehandel is, byvoorbeeld besonderhede oor sy/haar vorige kriminele oortredings alvorens dit in die hof bewys is;

- Die publisering van enige inligting wat 'n aangeklaagde of regspersoon beoog om in die hof te gebruik of wat 'n bevinding voor die hof vel;
- Die publisering van 'n foto van 'n aangeklaagde waar sy/haar identiteit 'n kwessie is, byvoorbeeld 'n foto van 'n verkragtingslagoffer; of
- Die publisering van enige inligting wat die hof se bevindings kan beïnvloed, soos die publisering van 'n dreigement.

Burchell en Milton (2005:949-950) voeg by dat die *sub judice*-reël ook op die volgende maniere oortree word:

- Kommentaar wat suggereer dat 'n persoon skuldig of onskuldig is op die aanklag(te);
- Die aanval van die persoon se karakter of om die persoon lof toe te swaai;
- Kommentaar oor die geloofwaardigheid, karakter of gedrag van 'n getuie; of
- Wanneer 'n regter deur enige party of publikasie versoek word om bewyse wat in die duur van die geding ingedien is te verwerp.

Hoe dit ook al sy, lede van die pers moet dikwels aanhoor dat 'n bron nie inligting bekend kan maak nie omdat dit na bewering *sub judice* is. Polisiewoordvoerders, korporatiewe en regeringswoordvoerders is van die mense wat hulle hieraan skuldig maak. Hulle weerhou telkens inligting terwyl hulle besig is met hul ondersoek, soos die verdagte se naam, op grond van die *sub judice*-reël.

Dit is egter 'n mistasting wanneer daar nog geen sprake van werklike regsprosesse is nie. Die saak word bloot ondersoek en die persoon is in die

meeste gevalle nog nie in die stadium aangekla nie. Hoe kan 'n saak buitendien vooruitgeloop word as die persoon se naam genoem word?, vra De Bruin (2006).

Die polisie kan wel vra dat die inligting nie bekend gemaak word nie omdat dit hul ondersoek kan benadeel. In so 'n geval is dit dus 'n beleidskwessie van die koerant en het dit niks met regsreëls te doen nie. Die polisie het geen regsgronde waarvolgens hulle 'n publikasie kan dwing om nié die inligting te publiseer nie (De Bruin, 2006).

Volgens De la Harpe (2006) kan inligting egter *sub judice* wees as 'n saak nog nie hangend is nie, maar voorberei word om hof toe te gaan. Hy meen dit gaan immers oor die regspleging en nie net die hofproses nie. Wanneer inligting wat inmeng met die regspleging egter in die stadium vóór die saak hof toe gaan, gepubliseer word, is die klagte teen die publikasie nie minagting van die hof nie, maar regsverydeling. Hierdie twee misdrywe verskil hoofsaaklik daarin dat minagting van die hof in die hof self plaasvind en regsverydeling buite die hof. Albei is misdade wat dit ten doel het om met die verloop van die gereg in te meng (De la Harpe, 2006).

Coetzee (2006) ondersteun De la Harpe se siening en voeg by dat inligting ook *sub judice* kan wees wanneer die geregsdienaars seker is dat die saak binne die volgende dag of twee in die hof gaan voorkom – "maar dan moet almal wéét dat die saak binnekort in die hof gaan wees".

De la Harpe (2006) sê verder die *sub judice*-reël se doel is ook om die onkreukbaarheid van die hof te beskerm, wat beteken dat wanneer die pers en akademici uitsprake lewer terwyl die hof besig is om 'n uitspraak te lewer, dit neerkom op minagting van die hof. Hy sê verder die reël moet ook verseker dat die hof onafhanklik bly. As 'n publikasie byvoorbeeld bewerings oor getuies publiseer, kan dit die hof beïnvloed. "Regters is ook mense. As jy verhoor word, wil jy nie voel die regter is dalk beïnvloed deur die media nie. Die vraag is nie net

of die verhoor billik was nie, maar ook of dit billik was in die oë van die publiek."

Burns (1990:142) het reeds in 1990 geoordeel dat die situasie in Suid-Afrika begin verander het, onder meer weens die toenemende teenstand van die publiek teen misdadigers wat vrygelaat word en die publiek terroriseer. Volgens Burns (1990:142) kan regters nou moontlik toenemend begin om die belange van die gemeenskap in ag te neem wanneer hulle oor borgtog besluit, asook om na argumente wat nie in die hof aangehoor is nie in aanmerking te bring. In hierdie geval is dit dus belangrik dat die media nie die publiek se mening oor 'n beskuldigde se skuld of onskuld beïnvloed nie, omdat die regters nou die publiek se menings in ag neem. Die oortreding van die *sub judice*-reël kan dus nou groter gevolge inhou.

Dié siening word ook deur Snyman ondersteun (1999:330-335). Volgens hom moet die howe daartoe in staat wees om 'n besluit te maak sonder enige invloede van buite, omdat die openbare belang ondermyn sal word as die agting en gesag van die hof ondermyn is. Een van die belangrikste maniere waarop minagting van die hof *ex facie curiae* (buite die hof) verwysende na hangende sake gepleeg kan word, is deur die publisering van inligting of kommentaar oor 'n saak wat hangend is, meen hy.

In 'n jong demokrasie soos Suid-Afrika waar die oppergesag van die reg 'n belangrike pilaar van die samelewing is, is hierdie argument van die grootste belang.

### 2.2.3 Aftakeling van die hof (*Scandalising the court*)

Soos reeds telkens genoem, het die *sub judice*-reël ten doel om te verhoed dat 'n publikasie inmeng met die verloop van die regsproses. Die drie hoofbelange wat hier beskerm word, volgens Burchell en Milton (2005:945), is:

a) die burger se reg tot 'n regverdige verhoor,

b) die behoud van die publiek se vertroue in die regstelsel, en

c) die instandhouding van die integriteit van die regsbevele en instruksies.

Die doel van die misdaad van minagting van die hof onder die *sub judice*-reël is ook om diegene te straf wat kritiese menings oor die regters of die howe uitspreek wat met die verloop van die regsproses kan inmeng – wat ook as *scandalising the court* bekend staan.

Burchell en Milton (2005:945) meen hierdie beperkings sal die sogenaamde *trial by media* verhoed en verseker dat 'n persoon 'n regverdige verhoor het. Die rede wat in hierdie geval die inperking van die *sub judice*-reël moet regverdig, is dat dit in die belang van gesonde regspleging is dat die waardigheid van die hof onaangetas moet bly.

Coetzee (2006) meen dat hierdie *scandalising of the court* nie *per se* met die *sub judice*-reël verband hou nie, omdat dit nie noodwendig met die regspleging kan inmeng nie. Hy erken egter dat hierdie oortreding wel tot die oortreding van die *sub judice*-reël kan lei wanneer die negatiewe kritiek of opinies oor die hof of sy amptenare uitgespreek word terwyl 'n saak nog hangend is, omdat dit dan 'n invloed op die uitkoms van die hofsaak kan hê.

Dié reël lei egter steeds voortdurend tot groot frustrasie van joernaliste en menige nuusredakteurs – vandaar die skerp uitsprake teen die beperking deur vooraanstaande redakteurs in die land. Barney Mthombothi het byvoorbeeld op 24 Oktober 2004 in die *Sunday Tribune* aangevoer dat die *sub judice*-reël afgewater is en dalk deur die Grondwet tot niet gemaak is.

> Section 16 guarentees the right to freedom of expression, which includes the media, and receiving or inparting of information Strict enforcement of the *sub judice* rule would be counter the spirit of our fundamental law.

Esmaré Weideman, redakteur van *Huisgenoot*, het ook in die gereg se spervuur beland na aanleiding van die artikel wat die tydskrif oor Donovan Moodley gepubliseer het. Hierin is die bekentenis van Moodley se selmaat gepubliseer waarin hy sê dat Moodley teenoor hom erken het dat hy Matthews vermoor het. Haar reaksie is op 1 November 2004 op *Daily news* se webblad gepubliseer: "Those *sub judice* rules are completely outdated" (Laganparsad, 2004).

Ander kritici, soos Hill (2001:563), meen hierdie beperking van die pers se vryheid van uitdrukking was kenmerkend van die apartheidsjare. Die *sub judice*-reël was volgens hom een van die vele maniere waarop kritiese kommentaar op die regering onderdruk kon word.

## 2.3 Oorsprong van die *sub judice*-reël

Soos reeds in paragraaf 2.1 bespreek, het die *sub judice*-reël sy oorsprong in die Engelse regstelsel. Opmerklik is egter dat publikasies in Engeland slegs van minagting van die hof aangekla wanneer daar volgens die risiko-toets bepaal is dat daar 'n groot kans is dat die publikasie met die regsproses kan inmeng. Dit staan ook bekend as die streng aanspreeklikheidsreël (Hill, 2001:570). Verder word die streng aanspreeklikheidsreël nie toegepas as 'n bespreking in goeie gees gedoen word wat in openbare belang is nie.

Indien die publikasie wel aan hierdie reël onderwerp word, is daar die volgende verwere:

> a) Die inligting is regverdig, in 'n goeie gees en 'n akkurate weergawe van die regsprosedures wat in die openbaar gehou word;
> b) Die publikasie was nie daarvan bewus, of het geen rede gehad om te vermoed, dat die saak hangend is nie.

Die Engelse wet op minagting van die hof beskerm klaarblyklik die reg op vryheid

van spraak tot 'n groter mate as wat die Suid-Afrikaanse *sub judice*-beperkinge toelaat. Die wet vereis dat 'n wesenlike risiko van ernstige vooroordeel moet bestaan. Hierdie toepassing van die *sub judice*-reël skeld ook heelparty kommentaar op openbare sake vry wat in 'n goeie gees gedoen is.

Hierteenoor word die strekkingstoets in Suid-Afrika gebruik (sien paragraaf 2.2.1). Dit hou in dat vasgestel moet word of die feite wat aan die hof voorgelê word, indien dit deur die regbank aanvaar sou word, 'n invloed op die uitspraak sal hê. Die risiko-toets van die Engelse reg is in 1974 deur die hof in Suid-Afrika verwerp in die saak tussen Ouditeurgeneraal v Times Newspapers. Daar is ook geen uitsondering in die Suid-Afrikaanse gemenereg op kommentaar wat in 'n goeie gees geskied nie (Hill, 2001:572).

Dit is egter nie duidelik waarom die Suid-Afrikaanse reg vryheid van spraak meer aan bande moet lê met die *sub judice*-beperkings as wat die geval in Engeland is nie, aangesien die hoofrede vir die instelling van die beperking in Engeland was om die jurie van onaanvaarbare materiaal te beskerm wat hulle kan beïnvloed. Suid-Afrika het immers nie meer 'n juriestelsel nie.

## 2.4 Huidige posisie in Suid-Afrika

Vóór die 1993 Interim Grondwet was die media se reg op vryheid van uitdrukking aansienlik meer beperk deur wetgewing. Opmerklik is die *sub judice*-reël nog nie aangepas om by die land, wat nou 'n regstaat onder die Grondwet is, aan te pas nie (De la Harpe, 2006; Du Toit, 2006).

Du Toit (2006) meen dat al het daar nie veranderinge aan die reël gekom nie, howe deesdae meer ontvanklik is vir kritiek. Hy meen verder dat die hof hom nie werklik ophou met die *sub judice*-reël nie – dit is nou buiten in hoëprofielsake. Hy meen nie howe het beswaar teen kritiek en kommentaar nie. Dit gaan oor wanneer dinge gesê word wat die getuies beïnvloed. Burns (1990:143) se

siening dat regters die belange van die gemeenskap in ag moet neem wanneer hulle oor borgtog besluit (afdeling 2.2.2), is hier weereens van belang. Wanneer die gemeenskap dus sterk kapsie maak teen die vrylating van 'n beskuldigde op borgtog, sal dit moontlik die regter kan beïnvloed, volgens Burns (1990:143). Die inligtingsrol wat die media in hierdie gevalle speel, is dus baie belangrik, omdat die publiek hoofsaaklik vir inligting oor hofsake van die media afhanklik is.

Du Toit (2006) meen die hof kyk ook na die regsvereistes wat die gemeenskap aan die hof stel voordat 'n klag van minagting van die hof aanhangig gemaak sal word. Die doel hiervoor is om die howe se soewereiniteit in die publiek se oë te handhaaf.

Uit 'n mediaoogpunt bestaan die reël nog net tydens sake wat groot mediadekking geniet, maar word dit daagliks oortree sonder gevolge. Coetzee (2006) sê egter dat *Beeld* die reël nooit klakkeloos verbreek nie. Maar gebrek aan vervolging die afgelope jare laat die reël wel tandeloos voorkom. Sover dit Coetzee se kennis strek, is *Beeld* nog nooit van minagting van die hof aangekla omdat hy die *sub judice*-reël verbreek het nie.

## 2.5 Die *sub judice*-reël en die Grondwet

Daar is eensgesindheid onder kritici uit die regs- sowel as die mediakringe dat die *sub judice*-reël die reg op vryheid van spraak wesenlik inperk. Die vraag onstaan dus of die inperking van die media se vryheid van spraak, wat hul reg is volgens artikel 16(1) van die Grondwet, dan nie ongrondwetlik is nie?

Snyman (1999:336-337) meen dat die vorm van minagting van die hof onder die *sub judice*-reël nie teenstrydig is met artikel 16(1) nie, omdat ingevolge die beperkingsartikel in die Grondwet (artikel 36(1)), hierdie inperkings redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

Snyman (1999:336-337) sê verder dat die hele konsep van "billike verhoor" veronderstel dat die hof 'n geding beslis slegs op grond van die getuienis wat aan hom voorgelê is en nie op grond van menings wat in die media gepubliseer word nie. Volgens hom is die sogenaamde *trial by media* steeds 'n wesenlike gevaar vir die verloop van die regsproses wanneer koerante inligting publiseer wat nog nie in die hof ingedien is nie.

Die verdere oorweging hier vir die regverdigbaarheid van die *sub judice*-reël is dat selfs al is die landdros of regter in staat om die gepubliseerde inligting te ignoreer, moet die publiek ook van mening wees dat geregtigheid geskiet. Indien die media dus toegelaat word om inligting of kommentaar oor hangende sake te publiseer, sal daar altyd die vermoede by die publiek bestaan dat die media iets met die uitkoms van die saak te make gehad het (Snyman, 1999:336).

Burchell en Milton (2005:951) ondersteun ook Snyman se argument soos hierbo uiteengesit. Hy meen daar moet gekyk word of die *sub judice*-reël aan die kriteria voldoen wat in artikel 36(1) gestel word vir die inperking van regte, wat behels dat dit redelik en regverdigbaar moet wees in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

Volgens Burchell en Milton (2005:951) moet die konstitusionele hof die doel van die *sub judice*-reël (om 'n billike verhoor te verseker) teen die vryheid van die pers opweeg. Die skaal blyk dan volgens hom te kantel na die kant van 'n billike verhoor. "Public interest in a fair and inpartial trial must prevail over the public interest in comment on matters of topical inportance."

Die rede vir die oorweging word deur Burchell en Milton (2005:951) gestaaf waar hulle sê die pers is 'n belangrike vennoot in die uitvoering van die gereg. Sy werk is om die hofgebeure regverdig weer te gee en konstruktief te kritiseer waar kritiek geregverdig is. Die pers se werk is egter nie om te poog om die regsadministrasie te beïnvloed of die geloof in die hof te ondermyn nie.

De la Harpe (2006) ondersteun ook die siening dat die *sub judice*-reël nie ongrondwetlik is nie. "Die Grondwet sê dat geen regte onbeperk is nie." Hy meen verder ook dat dit 'n waarde opweging is wat die howe moet doen wanneer die media se reg tot vryheid van spraak teen 'n persoon se reg tot 'n billike verhoor opgeweeg word en dat dit glad nie ongrondwetlik is om die pers se reg in te perk nie.

## 2.6 Vryheid van uitdrukking vs. die reg op billike verhoor

Dit is dus duidelik dat die *sub judice*-reël poog om 'n goue middeweg te vind tussen twee kontrasterende grondwetlike regte, naamlik vryheid van uitdrukking en elke persoon se reg op 'n billike verhoor. Ten einde die implikasie van die inperking van die media se reg tot vryheid van spraak vir die bevordering van gesonde regspleging beter te verstaan, gaan in hierdie afdeling in meer besonderhede op elk van die twee regte gefokus word.

### 2.6.1 Vryheid van uitdrukking

Die veranderinge wat die afgelope era in Suid-Afrika plaasgevind het, het nie die mediareg onaangeraak gelaat nie. Daar is nou vir die eerste maal 'n handves van menseregte wat aan elkeen die reg gee tot vryheid van uitdrukking. Hierdie reg word deur artikel 16(1) in die Grondwet beskerm, soos uiteengesit in hoofstuk 1.

Vryheid van uitdrukking vorm 'n essensiële deel van elke mens se daaglikse bestaan. Hierdie gemeenregtelike wet beskerm sekere basiese menslike waardes, naamlik individuele selfvervulling, grondige en rasionele oordeel en openlike besprekings as deel van die demokratiese proses (Burns, 1997:265).

Opmerklik is die spesifieke verwysing na die vryheid van die pers en ander media. Hierdie grondwetlike reg bevestig weereens die groot rol wat die pers

speel in die instandhouding van 'n demokratiese samelewing. Volgens Burns (2001:57) het die pers die volgende funksies:

- Die voorsiening van inligting oor wat 'n wye reeks onderwerpe dek, insluitend opvoeding, kulturele kwessies en die verskillende politiese sienings van die populasie;
- Die bekendmaking van openbare menings deur kommentaar te lewer op nuusitems;
- Die pers speel ook 'n belangrike waghondfunksie wat regeringswanpraktyke en onbevoegdheid aan die lig bring.

Uit die Grondwet kan afgelei word dat vryheid van uitdrukking en die reg op 'n billike verhoor albei belangrik regte is. Om hierdie rede is dit dan noodsaaklik om vas te stel of die beperkings op eersgenoemde werklik proporsioneel is sodat daar nie 'n hiërargie van regte ontstaan nie.

Volgens Hill (2001: 586-587) is daar twee aspekte in die Grondwet wat aandui dat vryheid van uitdrukking meer klem moet kry, naamlik (a) 'n oop en verantwoordbare regering en (b) die reg op 'n regverdige verhoor.

a) Hiervolgens vereis 'n oop en verantwoordbare regering dat daar aan vryheid van spraak, veral wat regeringsaksies betref, meer waarde toegeken word wanneer dit in konflik is met ander waardes. Die rede hiervoor is dat 'n demokratiese samelewing slegs suksesvol sal wees indien skerp kritiek teen die uitoefening van mag gelewer word. Boonop is dit in teenstelling met die Grondwet dat alle dele van die regering nie onderworpe is aan kritiek nie, insluitend die hof.

b) Die reg op 'n billike verhoor is nog 'n aspek van die Grondwet wat impliseer dat daar meer ruimte aan die pers gegee moet word om kommentaar te lewer op kriminele prosedures. Openbare ondersoek sal

meestal die regverdigheid van die verhoor bevorder. Alhoewel oormatige mediablootstelling soms 'n onbillike verhoor tot gevolg het, is dit deel van die media se funksie om te waak teen ongeregtigheid.

In S v Mamabolo het die konstitusionele hof beslis dat openbare kritiek op die hof baie belangrik is. Ingeligte openbare menings bevorder die onpartydigheid, toeganklikheid en effektiwiteit van die regstelsel, tree op as 'n demokratiese wag by die regstelsel en kan help met die oorreding van die publiek dat die regsproses (eerder as geweld) die beste manier is om geskille op te los.

Dit is egter duidelik dat die beperkings wat die *sub judice*-reël op die media afdwing, nie in pas is met 'n verantwoordbare en deursigtige regskultuur nie. Dit isoleer eerder net die howe van kritiek.

### 2.6.2 Reg op billike verhoor

Volgens artikel 35 van die Grondwet het elke beskuldigde die reg op 'n billike verhoor. Wanneer die media inligting publiseer wat nog nie voorgehou is as bewyse in die hof nie, of die verloop van die gereg op enige wyse belemmer, word hierdie reg aangetas. Die reg kan ook op ander wyses aangetas word, soos in 2.3 in die studie uiteengesit. Die publikasie kan dan ook moontlik vir minagting van die hof gedagvaar word.

'n Goeie voorbeeld hiervan is toe die *Sunday Tribune* tydens die Schabir Shaik-saak 'n verslag gepubliseer wat nog nie as 'n bewysstuk aan die hof voorgehou is nie (Beharie, 2004:1). Hierdie voorbladstorie het veroorsaak dat die publikasie homself die gramskap van die hof op die hals gehaal het. Regter Hilary Squires het soos volg gereageer (soos berig in die *Sunday Tribune*):

> The whole concept of a fair and proper trial supposes one in which it is the court that decides the outcome on the basis of evidence eventually accepted by it, not what the public is led to believe by the media... (Mthombothi, 2004:1)

Dit is duidelik dat die media hier tussen twee vure sit – openbare belang en die reg van 'n beskuldigde op 'n billike verhoor wat deur die *sub judice*-reël beskerm word.

In 'n saak soos die bogenoemde sou mens kon aanvoer dat dit in die openbare belang is om die inligting bekend te maak aangesien dit die hele land raak. Dit is immers die belastingbetaler se geld wat in die onwettige wapentransaksie gebruik is, soos dit ook bewys is toe Shaik later skuldig bevind is. Die vraag oor hoe swaar die reg van die beskuldigde tot 'n billike verhoor teen die media se plig om die publiek in te lig opweeg, kom hier weereens duidelik na vore. En soos in die meeste gevalle, het die hof in die guns van die regsproses beslis.

## 2.7 Voorgestelde oplossings uit die literatuur

Hill (2001:589-593) meen die volgende veranderinge aan die *sub judice*-reël kan 'n moontlike oplossing vir die situasie in Suid-Afrika kan bied:

### 2.7.1 Wetlike standaard vir beperkinge op spraak

'n Aanbeveling is dat 'n risiko van werklike vooroordeel moet bestaan voordat 'n publikasie hom skuldig maak aan minagting van die hof. Suid-Afrika kan byvoorbeeld ook Engeland se toets aanneem (Hill, 2001). Volgens hierdie risiko-toets moet ernstige vooroordeel ter sprake wees (cf. hoofstuk 2) voordat die publikasie in die hof se vaarwater beland. Dit is egter van belang dat die gronde waarvolgens 'n publikasie aangekla kan word, beperk moet word indien die reg op vryheid van spraak beskerm wil word. Duidelike vooroordeel en die onbillike verhoor van die beskuldigde moet eers ter sprake wees voordat die media se reg ingeperk kan word.

Hill (2001:589-592) meen verder dat daar twee aspekte is wat die implementering van bogenoemde veranderinge kan beïnvloed en waaroor dus

duidelikheid verkry moet word, naamlik die standaard vir bewyse en die *mens rea*-vereiste:

2.7.1.1 Standaard vir bewyse

Dit is moeilik om praktiese riglyne vir 'n *sub judice*-toets saam te stel, aangesien die verbinding tussen spraak en die bedoeling om te skaad nie wetenskaplik bewys kan word nie. Dit is dus noodsaaklik dat regters iets meer as spekulasie van vooroordeel moet vereis, maar minder as konkrete feite ten einde te bepaal of die *sub judice*-reël verbreek is. Duidelike maatstawwe sal hier opgestel moet word sodat die media presies kan weet wanneer hulle oortree. Die stel riglyne wat in afdeling 7.3 van hierdie hoofstuk voorgestel word, sal in hierdie geval handig te pas kom.

2.7.1.2 *Mens rea*

Nog 'n stel riglyne wat tot die aanpassing van die *sub judice*-reël in Suid-Afrika kan bydra, is die *mens rea*-vereiste (nalatigheidsvereiste). Hiervolgens is 'n redakteur van 'n koerant nie skuldig aan minagting tensy hy/sy doelbewus of nalatig opgetree het nie. Daar kan getoets word vir nalatigheid deur na die volgende op te let:

i) Die verweerder het nie bedoel om die verloop van die gereg te beïnvloed nie, maar het besef dat so 'n gevolg hoogs waarskynlik was;
ii) Sonder die bedoeling om die geregtelike prosedure te beïnvloed of om te besef dat dit waarskynlik is, het die verweerder geweet dat vooroordeel moontlik daaruit kan spruit en steeds die kans gewaag; of
iii) Die verweerder was bewus van 'n duidelike risiko van vooroordeel (S V Harber).

## 2.8 Die empiriese ondersoek

In die volgende vier hoofstukke gaan *Beeld* se beriggewing oor hofsake waar die *sub judice*-reël duidelik ter sprake kom inhoudelik geanaliseer word. Die doel van dié analise is om 'n antwoord op die vierde navorsingsvraag, naamlik hoe word die *sub judice*-reël deur *Beeld* toegepas, te vind.

Vir hierdie doel is die hoëprofielsake teen Donovan Moodley, Jacob Zuma, Schabir Shaik en die Tuks-vier gekies. In elke geval sal vasgestel word óf die *sub judice*-reël oortree is, en, indien die reël verbreek is, hoe dit gedoen is. Die hof se reaksie hierop en die gevolge van dié oortreding, indien enige, sal ook ondersoek word.

# Hoofstuk 3: Kwalitatiewe analise van beriggewing oor Donovan Moodley

## 3.1 Inleiding

In dié hoofstuk gaan die beriggewing oor Donovan Moodley, die moordenaar van Leigh Matthews (21), se verhoor vervolgens teen die teoretiese agtergrond uiteengesit in hoofstuk 2 geanaliseer word ten einde vas te stel of die Afrikaanse dagblad *Beeld* die *sub judice*-reël oortree het al dan nie. Hierdie ontleding gaan aan die hand van die kriteria, soos bespreek in afdeling 2.2.2 van die studie, gedoen word. In gevalle waar die reël klaarblyklik wél oortree is, gaan die manier waarop dit gedoen is, asook die moontlike gevolge daarvan, ondersoek word.

Altesaam 18 berigte oor hierdie saak is ontleed. Die navorser het in 5 van die berigte moontlike oortredings van die *sub judice*-reël opgespoor. Die beriggewing wat in hierdie hoofstuk ondersoek word, is in die tydperk tussen 4 September 2003 en 19 Julie 2006 in *Beeld* gepubliseer. Die 5 berigte waarin oortredings van

die reël gevind is, sal vervolgens bespreek word onder die opskrifte waaronder hulle oorspronklik in *Beeld* verskyn het.

## 3.2 Agtergrond

Moodley (24) is in 2005 lewenslange tronkstraf opgelê nadat hy Matthews in Julie 2004 by die Bond-universiteit in Sandton ontvoer en kort daarna vermoor het. Moodley het dieselfde dag waarop hy Matthews ontvoer het 'n losprys van R50 000 van Matthews se pa ontvang.

Matthews se verdwyning, en kort daarna ook haar moord, het landwyd groot opspraak gemaak. Die polisie het reeds tydens hul ondersoek teen die media uitgevaar. Ná 'n berig in die *Sunday Times* (Rowan, Eliseev & Geldenhuys, 2004:1) wat beweer het dat Matthews se moordenaar haar lyk gevries het voordat dit in 'n veld by Walkerville, suid van Johannesburg, gelaat is, het supt. Chris Wilken, 'n polisiewoordvoerder, in 'n berig in *Beeld* aangevoer dat "sensasionele mediaberigte" hul ondersoek knou (Basson, 5:2004).

## 3.3 "Só is 'vriend' gevang" (5 Oktober 2004)

Die eerste sprake van 'n moontlike botsing met die *sub judice*-reël kan in hierdie nuusberig van 5 Oktober 2004 deur Adriaan Basson, Lizel Steenkamp en André Janse van Vuuren gesien word. Daarin word genoem dat *Beeld* verneem het dat Moodley se bankstate nagegaan is nadat hy met die moord verbind is. "Hy het glo groot bedrae geld in verskeie rekenings inbetaal kort nadat Matthews ontvoer is," het die berig onder meer gemeld. Die beriggewing is die dag nadat Moodley in hegtenis geneem is, gepubliseer en hy sou die volgende dag in die Randburgse hof verskyn.

Volgens Coetzee (2006; kyk afdeling 2.2) kan die *sub judice*-reël wel oortree word *voordat* 'n saak hangend is, mits die saak binne die volgende dag of twee in

die hof voorkom. Enige inligting wat dan in die hof as bewyse ingedien gaan word, is dus reeds *sub judice.* Die bewyse rakende die Moodley se bankstate waaroor *Beeld* berig het (sien voorafgaande paragraaf), wat duidelik verdag is omdat Moodley pas R50 000 van Matthews se pa ontvang het, kan dus inmeng met die regspleging. Deur oor hierdie bewyse te skryf, meng *Beeld* in met die regsproses, omdat dit nog nie by die hof ingedien is nie. Dit vel ook 'n oordeel in die publiek se oë dat Moodley skuldig is.

De la Harpe (2006) ondersteun die siening soos uiteengesit in afdeling 2.2. Volgens hom is die polisieondersoek, net soos die hofprosedure, deel van die regspleging wat in dié geval benadeel word. De la Harpe meen verder dat wanneer inligting met die regspleging inmeng vóór die saak hof toe gaan, is die klagte wat 'n mens teen die publikasie sou kon verwag, nie minagting van die hof nie, maar eerder regsverydeling.

In hierdie geval kan dus geredeneer word dat *Beeld* die *sub judice*-reël oortree het deurdat hy inligting oor die bankstate gepubliseer het. Dit was wel nie 'n blatante oortreding nie, maar in die eng sin van die misdryf was dit waarskynlik wel 'n oortreding.

## 3.4 "'Hebsug lei tot moord op Leigh'" en "Sy ouma het vir Leigh gebid" (6 Oktober 2004)

Op 6 Oktober 2004, die oggend wat Moodley die eerste keer in die hof verskyn het, het Borrie le Grange en Lizel Steenkamp en die *Beeld*-span in hierdie twee nuusberigte in *Beeld* gemeld dat supt. Piet Byleveld, hoofspeurder in die ondersoek, gesê het Matthews se platinum-en-tanzanietring is saam met die vuurwapen waarmee sy vermoor is, in Moodley se besit gevind. Daar is ook berig dat die vuurwapen in Moodley se naam gelisensieer is. Volgens Byleveld het Moodley se "hebsug" tot Leigh Matthews se ontvoering en moord gelei en het hy Matthews ontvoer en 'n losprys geëis het, omdat hy geld nodig gehad het.

Byleveld wou nie bekend maak waaraan Moodley die R50 000-losprys bestee het nie. *Beeld* het hierop gereageer deur te sê hy het verneem dat Moodley die vorige twee jaar vier voertuie – 'n BMW 3-reeks, twee Ducati-motorfietse en 'n Toyota Tazz – in sy naam laat registreer het.

Al die bogenoemde inligting wat gepubliseer is voordat enige daarvan in die hof voorgehou is, het reeds publiek se siening van Moodley beïnvloed. *Beeld* het dus deur Byleveld se kommentaar te publiseer, die saak vooruitgeloop. In daardie stadium was die sogenaamde moordwapen nog weggestuur vir forensies toetse. Hierdie wapen is wel by Moodley gevind, maar dit was nog nie in die hof bewys dat Moodley was wat wel vir Matthews vermoor het nie. Selfs Matthews se ring, wat in Moodley se besit gevind is, het nie bewys dat hy skuldig was nie. Deur Byleveld se bewerings te publiseer dat hebsug Moodley tot die misdryf gedwing het, is die regsproses duidelik vooruitgeloop.

Byleveld se verdere uitlating dat hy "nie gaan bekend maak waaraan Moodley die losprysgeld bestee het nie" en *Beeld* se betroubaar verneemde inligting direk daarna, verdoem Moodley ook reeds in die publiek se oë. Die publisering van Byleveld se kommentaar is in terme van Burchell en Milton (2005:949-950) se interpretasie van die reël 'n duidelike oortreding van die *sub judice*-reël (vgl. afdeling 2.2.2).

Volgens Burchell en Milton (2005:951) oortree 'n publikasie die *sub judice*-reël wanneer hy kommentaar publiseer wat suggereer dat 'n persoon skuldig of onskuldig is op die aanklag(te). In dié geval was Moodley reeds aangekla – hy sou later dieselfde dag in die hof verskyn het wat beteken dat die saak reeds *sub judice* was. *Beeld* het Moodley egter reeds in die openbaar verhoor deur kommentaar of "bewyse" (soos reeds in hierdie afdeling bespreek) te publiseer wat gesuggereer het dat hy skuldig was.

Die vraag kan ook gevra word of Moodley ná die publisering van al die mediaberiggewing wat hom in die oë van die publiek skuldig bevind het, 'n billike en regverdige verhoor sou hê. Soos in hoofstuk 2 bespreek, is die doel van die *sub judice*-reël in dié geval om te verhoed dat 'n publikasie inmeng met die verloop van die regsproses en so te verseker dat die beskuldigde 'n billike verhoor het. As dit juis is, soos De la Harpe (2006) aanvoer, naamlik dat regters ook net mense is wat wel deur mediaberiggewing beïnvloed sou kon word, sou Moodley kon aangevoer dat sy saak benadeel is. Of die betrokke regter die mediaberigte onder oë gehad het, is egter 'n ander saak.

In hierdie geval is Burns (1990:143) se siening dat regters die publiek se belange in ag moet neem en argumente wat nie in die hof aangevoer is nie kan oorweeg wanneer hulle oor borgtog besluit, weer van belang (sien afdeling 2.2). Argumente wat *Beeld* aangevoer het dat Matthews se ring, asook die "moordwapen", by Moodley gevind is, kon dus die regter beïnvloed het as hy dit gelees het. Net so kan die argument weer aangevoer word dat die regter die publiek se siening dat Moodley skuldig is in ag moes neem wanneer hy oor borg besluit het.

Wat egter ook belangrik is, is die behoud van die publiek se vertroue in die regstelsel (Burchell & Milton, 2005:945). Deur enige inligting te publiseer wat nog nie as bewyse in die hof voorgehou is nie wat 'n persepsie by die publiek skep dat die persoon skuldig is, skep die media 'n sekere verwagting oor die uitkoms van die saak. Wanneer die hof dan 'n ander uitspraak gee as wat die publiek verwag het, kan dit hul vertroue in die regstelsel ondermyn.

Die *sub judice*-reël poog ook om hier 'n balans te handhaaf. *Beeld* het dus met die publisering van Byleveld se kommentaar (wat Moodley reeds "skuldig bevind" het) so 'n verwagting by die lesers geskep – 'n verwagting wat potensieel druk op die regter kon plaas.

Burns (2001:228) stem ook saam dat die *sub judice*-reël oortree kan word deur die publisering van enige inligting wat 'n aangeklaagde of regspersoon beoog om in die hof te gebruik of wat 'n bevinding voor die hof vel. Die inligting oor Moodley se bankstate is dus nou aan die publiek bekend vóór die staat dit nog in hul saak teen Moodley kon gebruik en die publiek het reeds 'n mening oor die saak gevorm.

### 3.5 "Ontsteld oor 'die gevaar van binne'" (6 Oktober 2004)

Hierdie nuusberig deur Jaco Nel is op dieselfde dag, 6 Oktober 2004, in *Beeld* gepubliseer. Hierin word berig dat studente aan die Bond-universiteit in Sandton waar Matthews studeer het, erg ontsteld is dat dit 'n klasmaat is wat vir die ontvoering en moord aangekeer is. "Ons het gedink dis 'n veilige kampus. 'n Mens dink die gevaar kom van buite af – en kyk nou," het een van die studente gesê.

Kommentaar soos hierdie kan die persepsie dat Moodley skuldig is verder versterk by sommige koerantlesers. In hierdie geval is Burchell en Milton (2005:945) se siening (afdeling 3.4) dat die media 'n sekere verwagting by die publiek skep deur te suggereer dat Moodley skuldig is, ook van belang. As die hof hom dan onskuldig sou bevind, kan die behoud van die publiek se vertroue in die regstelsel ondermyn word.

### 3.6 "'Publiek word teen verdagte gedraai!'" (8 Oktober 2004)

Moodley se prokureur, mnr. Louis Weinstein, het dan ook twee dae later in 'n nuusberig in *Beeld* (Basson, 2004:4) gereageer deur te sê die polisie, veral Byleveld, draai die publiek teen Moodley. Weinstein het luidens hierdie berig gesê die polisie se "selfvertroue" is "net 'n opinie". Weinstein se redes vir hierdie aanval op die media het dan ook Byleveld se opmerkings ingesluit dat hebsug die motief was vir Matthews se ontvoering en moord en die polisie se

kommentaar dat Matthews se moordenaar agter tralies is.

Supt. Chris Wilken, polisiewoordvoerder, het egter hierop gereageer dat die hof, en nie die polisie nie, bepaal of iemand skuldig is. Met die eerste oogopslag lyk dit nie of Wilken meen die *sub judice*-reël is oortree nie. Indien mens egter na Burchell en Milton (2005:294), soos hier bo bespreek, se diepere interpretasie kyk, het die *Beeld* die *sub judice*-reël waarskynlik verbreek deur kommentaar te publiseer wat suggereer dat Moodley skuldig is.

'n Berig in *Rapport*, die Afrikaanse Sondagblad in die Media24-stal, wat op 13 November 2005 onder die opskrif "Leigh was dae lank in lykhuis" verskyn het, het ook groot opslae gemaak onder voorstanders van die *sub judice*-reël. *Rapport* het berig dat Matthews se lyk vir elf dae lank in 'n ongeregistreerde lykshuis gehou is voordat dit in die veld by Walkerville gelos is, en dat minstens nog vyf mense binnekort as medepligtiges in hegtenis geneem sou word. Die koerant het verder berig: "*Rapport* het vertroulik verneem die ondersoekspan onder leiding van supt. Piet Byleveld probeer om die verdagtes agter tralies te hê voor Moodley Vrydag teen sy vonnis appelleer."

Hierdie beriggewing van *Rapport* was duidelik 'n blatante verbreking van die *sub judice*-reël. *Beeld* het egter ook oor hierdie inligting beskik, maar dit na konsultasie met sy regsverteenwoordigers nie gebruik nie, omdat dit die polisieondersoek sou benadeel en met die regsproses sou inmeng. In hierdie geval het *Beeld* dus nie die *sub judice*-reël verbreek nie.

*Beeld* het nie dié inligting gebruik soos *Rapport* nie, omdat dit toe nog glad nie in die hof as bewyse ingedien is nie en dit Moodley se appèlverhoor vooruit sou loop. Die "feit" dat daar minstens nog vyf ander medepligtiges betrokke sou wees, kon 'n beduidende invloed op Moodley se appélverhoor hê. Burns (2001:228) ondersteun die gedagte dat 'n saak nog hangend is (en dus *sub judice)* totdat die hoogste hof van appèl 'n uitspraak gelewer het of wanneer die

beskikbare tydperk vir aansoek om appèl verstreke is en geen appèl ingedien is nie.

### 3.7 Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat *Beeld* die *sub judice*-reël vyf keer tydens sy beriggewing oor Donovan Moodley oortree het. *Beeld* het die *sub judice*-reël egter nie een keer so blatant verbreek soos *Huisgenoot* dit met sy artikel oor Moodley se selmaat verbreek het nie (sien hoofstuk 1). Opmerklik is dat *Beeld*, sover die navorser kon vasstel, nie een keer deur die hof gemaan is om te waak teen die oortreding van die reël nie. Trouens, uit die ondersoek het dit geblyk dat geen ander publikasie gedagvaar is vir minagting van die hof oor beriggewing oor Donovan Moodley se hofsaak nie.

Nie Moodley óf sy regsverteenwoordiger het deur die verloop van die hofsaak enigsins te kenne gegee dat Moodley 'n onbillike verhoor gehad het weens die media se beriggewing oor die saak nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat die verbreking van die *sub judice*-reël in die beriggewing oor die saak die betrokkenes (insluitende die regter) nie sodanig gepla het dat hulle gemeen het dit oefen 'n onbehoorlike invloed op die verloop van die regsproses uit nie. Dit is ook te verstane in die lig daarvan dat 'n mens van ervare regters sou verwag om hulself nie onnodig bloot te stel aan spekulasieberigte oor 'n saak wat voor hulle dien nie.

## Hoofstuk 4: Kwalitatiewe analise van beriggewing oor Jacob Zuma

### 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan die beriggewing oor mnr. Jacob Zuma, die afgedankte

adjunkpresident van Suid-Afrika, se verhoor ontleed word. Hierdie ondersoek gaan, net soos die beriggewing oor Donovan Moodley in hoofstuk 3, teen die teoretiese agtergrond (hoofstuk 2) gedoen word. Die doel is om in hierdie hoofstuk vas te stel of *Beeld* die *sub judice*-reël oortree het al dan nie. Hierdie analisering word aan die hand van die kriteria, soos bespreek in afdeling 2.2.2, gedoen.

Altesaam 18 berigte oor hierdie saak is ontleed waarin *Beeld* die *sub judice*-reël klaarblyklik in vyf van die berigte oortree het. Die beriggewing wat in hierdie hoofstuk ontleed word, is in die tydperk tussen 7 Desember 2005 en 11 Mei 2006 in *Beeld* gepubliseer.

## 4.2 Agtergrond

Die verkragtingshofsaak teen mnr. Jacob Zuma, die afgedankte adjunkpresident van Suid-Afrika, wat op 13 Maart 2006 begin het, het wye mediadekking geniet. Dié mediablootstelling het egter al vroeg in November 2005 begin nadat gerugte die rondte begin doen het dat 'n MIV-positiewe vigsaktivis 'n verkragtingsklag teen Zuma by die Hillbrow-polisiestasie ingedien het (Basson & Rossouw, 2005:1).

Koerante het reeds kort nadat die klaagster, Khwezi (soos vroueregtegroepe haar genoem het), die klag op 7 November 2005 ingedien het, begin gis of die polisie wél 'n verkragtingsklag teen Zuma ondersoek. Die *Sunday Independent* (13 November 2005) was die eerste koerant wat gepubliseer het dat Zuma van dié oortreding aangekla is.

Buiten vir die feit dat Zuma weens sy politieke loopbaan 'n openbare figuur is, het dié hofsaak verder hewige kommentaar ontlok, omdat dit op die vooraand van sy korrupsieverhoor gekom het. Regter Hilary Squires het in 2005 bevind dat Zuma en Schabir Shaik, Zuma se finansiële adviseur, in wese 'n korrupte verhouding gehad het en Shaik is skuldig bevind op aanklagte wat hiermee verband hou.

Zuma se saak is intussen op 20 September 2006 van die hofrol geskrap, het Adriaan Basson op 23 September 2006 in *Beeld* berig onder die opskrif "'Arrogante VN dreig my', sê vrolike Zuma".

Reeds na afloop van die Shaik-saak het regskenners, onder andere oudregter Willem Heath, gemeen Zuma sal nie 'n billike verhoor hê nie weens sinspelings in die media (Basson, Liebenberg & La Grange, 2005:2). En dit is juis waar die *sub judice*-reël 'n rol het om te speel – om te verseker dat die beskuldigde 'n regverdige verhoor het. Heath het aangevoer: "Dit het sy (Zuma se) reputasie aangetas. Die regter wat die saak moet verhoor, is ook maar net 'n mens en mense is beïnvloedbaar deur gebeure." Dié argument dra na afloop van Zuma se verkragtingsverhoor dalk selfs meer gewig.

**4.3 "Saak 312/11/2005" (19 November 2005)**

In die aanvanklike beriggewing in *Beeld* is Khwezi as die slagoffer van 'n gruwelmisdaad uitgebeeld. In hierdie nuusberig wat op 19 November 2005 gepubliseer is (Basson & Rossouw, 2005:1), is byvoorbeeld genoem dat Khwezi reeds voorheen verkrag is en dat sy op dié wyse die MI-virus opgedoen het. *Beeld* berig verder dat sy Zuma as 'n vaderfiguur beskou het en dat sy 'n familievriend van hom was.

Dié berig skep dadelik simpatie met die "arme slagoffer" wat skandelik misbruik is deur iemand wat sy ken en vertrou het. Die leser word dus op 'n subtiele wyse gelei om te glo dat Khwezi die lydende party is wat weer impliseer dat die ander party, Zuma, die blaam vir die voorval moet dra. Bogenoemde feite word verder as feite in die berig voorgehou deur die afwesigheid van die gebruiklike "glo" of "na bewering" wat aandui dat dit 'n ongetoetste bewering is.

Dit het dan ook later gedurende die hofsaak aan die lig gekom dat Khwezi se vorige klag van verkragting niks opgelewer het nie. Dit het verder ook geblyk dat

sy 'n seksueel aktiewe vrou is wat dus die MI-virus te enige tyd kon opdoen.

Dié berig sou nie in die praktyk as 'n blatante oortreding van die *sub judice*-reël beskou word nie, maar is tog 'n oortreding omdat dit 'n sekere persepsie in die openbare oog skep dat Zuma skuldig is. Veral gesien in die lig van Zuma se reeds bekladde reputasie, kan subtiele implikasies soos dié, veral wanneer dit volgehou word, Zuma in die oë van die lesers skuldig bevind voordat die hof dit doen, al dan nie.

### 4.4 "Verklaring deur mnr. Jacob Zuma, adjunkpresident van die ANC" (7 Desember 2005)

Zuma het op 6 Desember 2005, die eerste dag van sy hofverskyning in die Johannesburgse landdroshof, 'n verklaring uitgereik wat die volgende dag in *Beeld* gepubliseer is. Hierin sê hy dat hy "diep verontrus" is oor wat die media as getuienis voorgehou het. "Dit het die openbare mening oor dié saak ernstig beïnvloed en my groot skade berokken. Nogmaals, net soos met die korrupsiesaak, het die media 'n oordeel gevel en dit vind ek afstootlik en betreurenswaardig."

### 4.5 "Regskenners verskil oor Zuma-saak se uiteinde" (13 Maart 2006)

Kenmerkend van die Zuma-hofsaak was kenners se menings oor die uitkoms van die saak. In hierdie nuusberig deur Katrien Smit op 13 Maart 2006 in *Beeld* sê adv. Tshepang Monare van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus onder meer dat Zuma moontlik nie eens sal moet getuig nie en dat hy nie verbaas sal wees as Zuma as vry man uit die hof sal stap wanneer die staat sy saak gesluit het nie.

Monare het verder die hof gekritiseer deur te sê die hof het die verdediging te veel vrae toegelaat oor Khwezi se seksuele geskiedenis. *Beeld* (8 Mei 2006) het

dan ook in 'n latere stadium bespiegel of regter Willem van der Merwe die inligting oor die klaer se seksuele verlede in ag gaan neem of net gaan fokus op die aand van die beweerde verkragting.

Monare en ander kenners se bespiegelinge oor die hofsaak skep ook 'n verwagting oor wat die uitkoms "behoort" te wees, wat weer vertroue in die hof nadelig kan raak verloor as die uitspraak verskil van dit wat die media aan hom voorhou.

Volgens Coetzee (2006) het die bespiegelinge oor die uitkoms wat 'n dag of twee voor die uitspraak gelewer is nie 'n daadwerklike invloed op die saak nie, omdat die regter se uitspraak dan reeds geskryf is. In dié geval is die bespiegelinge egter al sowat twee maande voor die afloop van die saak gepubliseer. Daar was dus hier wel 'n genuanseerde oortreding van die *sub judice*-reël, omdat die spekulasie die hofsaak vooruit kan loop (Burchell & Milton, 2005:949-950).

Kenmerkend van die Zuma-verhoor is dat *Beeld* die *sub judice*-reël redelik streng toegepas het en dit nie blatant oortree het nie. Dit kan deels daaraan toegeskryf word dat dit 'n besonder hoëprofielsaak was en dat alle oë op die media gerig was.

Coetzee (2006) sê byvoorbeeld dat *Beeld* minstens twee keer oor inligting beskik het van mense wat nog in die hof moes getuig. Die koerant het in dié gevalle elke keer sy raad gevolg en dit nie gepubliseer nie, omdat dit 'n direkte invloed op die verloop van die regsproses sou gehad het en dus 'n oortreding van die *sub judice*-reël sou wees.

### 4.6 "Msholozi kap media wat hom verhoor" (9 Mei 2006)

Zuma se kommentaar direk ná die uitspraak (Coetzee & La Grange, 2006:4) dat die media hom "buite die hof verhoor" het en sy beeld skade gedoen het, het nie

werklik met die *sub judice*-reël te make nie, maar eerder met gebalanseerde beriggewing.

Die pers het byvoorbeeld 'n deel van sy getuienis geneem en net daarop gefokus, terwyl ander aspekte geïgnoreer is. Só het Zuma se getuienis dat hy ná seks met Khwezi gaan stort het ter voorkoming van MIV/vigs, byvoorbeeld enorme blootstelling geniet weens die negatiewe effek wat dié opvatting op die stryd teen die virus kan hê.

Hierteenoor het die feit dat Khwezi in haar getuienis 'n toegewing gemaak het dat dit kon lyk of sy ingestem het tot seks bykans geen aandag geniet nie. Dit was inderwaarheid een van die belangrikste aspekte van die verhoor. Indien dié feit beklemtoon was, kon dit 'n wesenlike invloed op die lesers, en dus ook die publiek, se persepsies oor die verhoor gehad het. Opmerklik is ook die feit dat verskeie belangegroepe die uitspraak aanvaar het, al was hulle nie noodwendig tevrede daarmee nie. Dit het bygedra tot die handhawing van die onafhanklikheid en soewereiniteit van die regstelsel in Suid-Afrika.

### 4.7 "'My name is Zuma' en ek wil iets eis" (4 Augustus 2006)

Zuma het egter na afloop van die verkragtingsverhoor talle publikasies en radiostasies gedagvaar vir naamskending, het Katrien Smit in *Beeld* op 4 Augustus 2006 berig. Opmerklik is dat *Beeld* nie onder dié publikasies tel nie, wat die afleidings staaf dat *Beeld* die *sub judice*-reël streng toegepas het, soos hierbo bespreek. In beginsel sou Zuma *Beeld* (of enige ander koerant) kon dagvaar oor die wyse waarop oor die saak berig is sonder dat dit noodwendig met die oortreding van die *sub judice*-reël verband hou. Zuma dagvaar wel *The Star* vir R20 miljoen (Smit, 2006:2). Dié bedrag is opgedeel in R5 miljoen-bedrae vir afsonderlike beweerde oortredings deur hierdie Engelse dagblad wat hoofsaaklik met naamskending verband hou. Drie van hierdie afsonderlike eise is teen die spotprentkunstenaar, Zapiro.

In dieselfde berig in *Beeld* van 4 Augustus 2006 word daar ook gesê dat Zuma ook vir Highveld Stereo vir R7 miljoen dagvaar nadat die Rude Awakening-(RAW) span 'n verhoor tussen die span en Zuma nagemaak het vóór die regter 'n uitspraak in die saak gelewer het. Daarin het Jeremy Mansfield Zuma "onskuldig" bevind. "Dit is onaanvaarbaar dat enigiemand sulke minagting vir ons regstelsel kan wys deur 'n hofsitting na te maak en 'n beslissing vooruit te loop en my daardeur net verder te beledig," het Zuma in sy verklaring gesê wat in die berig aangehaal is. Hier beroep Zuma hom dus wel op 'n vermeende verbreking van die *sub judice*-reël.

*Rapport*, *The Citizen*, die *Sunday Sun*, die *Sunday Independent*, *Sunday World* en die *Sunday Times* is ook deur Zuma weens laster gedagvaar (Smit, 2006:2). Dié publikasies kan tegnies gesproke ook daarvan beskuldig word dat hulle die *sub judice*-reël oortree het.

## 4.8 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking wat dus oor *Beeld* se beriggewing oor die Zuma verkragtingsaak gemaak kan word, is dat die publikasie die verloop van die regsproses versigtig benader het en die *sub judice*-reël grootliks gerespekteer het. *Beeld* het wel nuanse-oortredings begaan soos wat in afdeling 2.2.2 uiteengesit is.

Die ander opmerklike aspek is dat *Beeld*, sowel as die ander publikasies, se oortredings van die *sub judice*-reël geen wesenlike invloed op die verloop van die regsproses gehad het nie. Dié afleiding kan gemaak word omdat Zuma onskuldig bevind is ten spyte van kommer dat hy nie 'n regverdige verhoor sou hê nie weens die mediaberigte wat kwansuis die publiek teen hom gedraai het.

# Hoofstuk 5: Kwalitatiewe analise van beriggewing oor die Tuks-vier-verkragtingsaak

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan *Beeld* se beriggewing oor die verkragtingshofsaak teen die vier studente van die Universiteit van Pretoria ondersoek word. Net soos in die twee voorafgaande hoofstukke, gaan ondersoek word of *Beeld* die *sub judice*-reël oortree het in hul beriggewing oor hierdie hofsaak. Die navorser het 13 berigte oor die spesifieke saak ontleed en ses gevalle gekry waar *Beeld* die reël oortree het. Die berigte oor die Tuks-vier-saak gaan, net soos in die voorafgaande twee hoofstukke, aan die hand van die kriteria uiteengesit in 2.2.2 beoordeel word.

## 5.2 Agtergrond

Hierdie beweerde verkragting het op Donderdag 4 September 2003 in dié koshuis plaasgevind. Die 18-jarige klaagster het gesê drie van die jong mans, waarvan twee die kleinseuns van oudminister Pik Botha, het haar herhaaldelik verkrag nadat een van hulle haar die aand 'n rygeleentheid van 'n kuierplek in Hatfield gegee het. Die meisie het glo buite by die kuierplek vir 'n familielid gewag saam met wie sy vroeër die aand gekuier het, maar hy het haar nie kom oplaai nie. Die vier mans is die volgende dag in hegtenis geneem op aanklagte van verkragting en onsedelike aangeranding.

Reeds met die aanloop tot die hofsaak teen die vier jong mans van Huis Maroela, en ook die hofsaak self, het 'n situasie ontstaan waartydens nie net die media nie, maar ook die verdagtes se regsverteenwoordigers, die polisie en die universiteit het die *sub judice*-reël oortree. Insp. Percy Morokane, polisiewoordvoerder, het die beriggewing oor die voorval in alle erns laat begin

deur besonderhede wat die klaagster aan die polisie verskaf het aan die media bekend te maak soos gesien kan word in die berig "Verkrag-hel in Tuks-koshuis", wat op 12 September 2003 in *Beeld* verskyn het. Hy het verder in die berig gesê die polisie ondersoek ook bewerings van 'n fotonemery tydens die verkragting en die moontlikheid dat die meisie 'n verdowingsmiddel ingegee is.

Die hofsaak wat sowat twee weke later in September 2003 begin het, het ook groot opslae gemaak en het landswyd mediadekking geniet. Die vier mans, mnre. Roelof Botha (20), sy broer Dawid (22), Lebau Botha (20) en Ryno Holm (19), het later as vry mans uit die hof gestap nadat die staat die saak teen hulle laat vaar het. Hierdie berig van Liela Magnus, "Maroela-4 skotvry", is op 18 Februarie 2004 in *Beeld* gepubliseer.

## 5.3 "Verkrag-hel in Tuks-koshuis" (12 September 2003)

*Beeld* het in hierdie nuusberig vir die eerste keer oor die voorval geskryf (Raubenheimer & La Grange, 2003:1). Dié opskrif maak die voorval, wat toe net 'n bewering deur die klaagster was, onmiddellik af as 'n nagmerrie-ondervinding vir die meisie. Gewapen met die polisie se uitspraak dat die meisie verkrag is nadat haar "aanvallers" haar na die koshuis "in plaas van haar huis" geneem het, stel *Beeld* die meisie se verklaring as 'n feit met dié opskrif. Hierdeur word daar 'n persepsie by die publiek geskep dat die meisie wel verkrag is en die "aanvallers" word summier onder verdenking geplaas.

Verder in die berig word die *sub judice*-reël ook oortree deur mnr. Edwin Smith, woordvoerder van die universiteit, se kommentaar te publiseer dat die UP alles in sy vermoë doen om die "slagoffer" by te staan. Hy het verder gesê die meisie ontvang gratis berading en kry ook voorkomende antiretrovirale behandeling – wat die vermoede verder laat posvat dat sy wél verkrag is.

Dié uitlatings fel verder 'n oordeel oor die vier mans in die media. Al het die hofsaak in daardie stadium nog nie begin nie, kan dit steeds as 'n oortreding van die *sub judice*-reël gesien word volgens Coetzee (2006; sien afdeling 2.2.2). Coetzee sê dit is 'n oortreding van die reël wanneer die saak binne twee dae in die hof gaan voorkom.

De la Harpe (2006) stem hiermee saam (sien afdeling 2.2.2). Volgens hom is die polisieondersoek, net soos die hofprosedure, deel van die regspleging wat in dié geval benadeel word deur die "verhoor in die media".

## 5.4 "Afgryse op Tuks oor beweerde verkragting" (12 September 2003) en "Politici veroordeel 'barbaarse' voorval" (13 September 2003)

Daar is verder op dieselfde dag (12 September 2003) menings van Tuks-studente gepubliseer (La Grange, 2003:8) wat die vier jong mans reeds skuldig bevind het. Van die studente het byvoorbeeld gesê hulle was geskok dat die mans nog 'n wyle op kampus was voor hulle in hegtenis geneem is en dat dit die meisie se lewe kan verwoes. "Dit is verskriklik. Toe ek dit gehoor het, het ek gehuil" en "ek het 'n vriendin wat verkrag is; wat met dié meisie gebeur het kan haar lewe verwoes", was van die kommentaar wat die studente gelewer het.

*Beeld* het dié "verhoor" in die pers die volgende dag op 13 September 2003 voortgesit ("Politici veroordeel 'barbaarse' voorval") deur politici se kommentaar oor die beweerde voorval te publiseer waarin hulle die voorval as "walglik" afmaak. Me. Mavivi Myakayaka-Manzini, adjunkpresident van die ANC-vroueliga, het die voorval in dié berig as "barbaars en die soort gedrag wat Suid-Afrika nie makeer nie," bestempel.

Bogenoemde menings wat in die twee afsonderlike berigte bekendgemaak is, is almal uitsprake van mense wat glo dat die verkragting wel plaasgevind het en kan dus reeds die persepsie by die publiek skep dat die vier skuldig is nog vóór

die hofsaak begin het. 'n Mens sou ook kon redeneer dat die openbare vertroue in die regstelsel skade gely het nadat die klagte teen die mans teruggetrek is en hulle skotvry van die "verkragting" afgekom het (De la Harpe, 2006).

## 5.5 "18-jarige se sielestryd" (13 September 2003)

Twee dae vóór die Tuks-vier in die hof moes verskyn, het *Beeld* ook die meisie se weergawe van die gebeure gepubliseer (Pepler & La Grange, 2003:1). Die onderopskrifte was "'My liggaam is onteer,' sê sy ná hel by Tuks" en "Vier Maandag in hof". In hierdie nuusberig word daar verder vertel hoe die meisie haar eie lewe wou neem ná die beweerde "bendeverkragting". 'n Bestuursraadslid van die meisie se skool het verder vertel van die meisie se sielestryd omdat haar liggaam "onteer" is. Volgens die berig het hoofbestuurslede van die UP die meisie ook gebel en moed ingepraat vir die hofsaak wat voorlê.

Die aanhoudende publisering van die meisie se kant van die saak en die ondersteuning wat die UP aan haar gee, laat geen twyfel by die lesers dat sy die slagoffer van 'n gruwelmisdaad is nie en wys noodwendig die vinger na die vier mans. Hulle word hier dus weereens skuldig bevind in die media voordat die hofsaak begin het en dit is dus 'n verbreking van die *sub judice*-reël. Die reël is in hierdie geval oortree omdat *Beeld* kommentaar lewer wat suggereer dat persone skuldig is op die aanklagte (Burchell & Milton, 2005:949-950). Sien ook afdeling 2.2.2 in hierdie verband.

Adv. Deon Cloete, die twee Botha-kleinseuns se regsverteenwoordiger, het self die *sub judice*-reël oortree toe hy inligting aan *Rapport* verskaf het oor die beskuldigdes se verwere terwyl die hofsaak aan die gang was. Cloete het gesê die meisie het vrywillig saam na Huis Maroela gegaan en dat sy en een van die beskuldigdes seks met toestemming gehad het. Hy het verder gesê net een van die mans het met haar seks gehad en dat sy op haar aandrang orale seks met

een van die ander beskuldigdes gehad het. Dit verskil van wat *Beeld* in hierdie berig op 13 September 2003 gesê het, naamlik dat sy beurtelings verkrag is. Die verwere is op 21 September 2003 in *Rapport* gepubliseer. *Beeld* het egter nie hierdie inligting gepubliseer soos *Rapport* nie en dus nie die *sub judice*-reël in hierdie opsig oortree nie. *Beeld* het die reël egter steeds verbreek deur die meisie se kant van die saak te stel terwyl die saak voorberei is om hof toe te gaan (De la Harpe, 2006). Hierteenoor het *Rapport* die mans se kant van die saak gestel, en eweneens die reël verbreek.

Hierdie verwere van die vier studente wat gepubliseer is, het die verhoor in die media dus voortgesit waarin al die partye hul kant van die saak stel. Mnr. Brandon Lawrence, die staatsaanklaer, het dan ook tereg gesê dat die meriete van die saak in die media bespreek is, "wat die ondersoek benadeel het". Dié kommentaar is op 19 September 2003 in *Beeld* gepubliseer onder die opskrif "Streng reëls vir Tuks-4 ná hulle borgtog kry".

In dieselfde nuusberig, "Streng reëls vir Tuks-4 ná hulle borgtog kry" deur Liela Magnus (2003:1), blyk dit dat verskeie media-instansies se oortreding van die *sub judice*-reël gedurende die hofsaak landdros Jackie Wessels genoop het om die media te maan om hulle by die wet te bepaal. Sy het verder gewaarsku dat oortreders beboet kan word of 'n jaar tronkstraf opgelê kan word: "Die hof spreek die hoop uit dat almal onthou die saak moet in die hof verhoor word en nié in die media nie." Adv. Retha Meintjies, adjunkdirekteur van vervolging in Pretoria, het ook gesê dat nie die klaagster óf die beskuldigdes genoeg beskerming deur die media ontvang het nie.

## 5.6 "Pille vóór leuentoets" (22 September 2003)

*Beeld* het verder hierdie nuusberig, "Pille vóór leuentoets" (2003:1), gepubliseer waarin hy sê die koerant het betroubaar verneem dat die vier verdagtes kalmeerpille gedrink het vóór hulle die leuenverklikkertoets afgelê het. "Een van

die Tuks-vier ... het aanvanklike sy leuenverklikkertoets gedruip, maar dit na bewering geslaag nadat hy 'n kalmeerpil gedrink het." Sonja Carstens het verder berig dat die regsverteenwoordigers ook verder net bekend gemaak het dat al vier die toetse geslaag het en nie onthul het dat een van die mans dit eers gedruip het nie.

Volgens die berig het Meintjies hierop gesê die direkteur van openbare vervolging (DOV) sal die bewerings oor die toetse ondersoek as deel van die sy ondersoek na minagting van die hof en pogings tot regsverydeling deur verskeie rolspelers, waaronder die media. Dit is dus in hierdie geval weereens duidelik dat die saak tot so 'n mate in die media verhoor is dat die DOV regstappe oorweeg. Dit opsigself spreek boekdele oor die erns van die oortredings aangesien regstappe weens die oortreding van die *sub judice*-reël vir baie jare bloot 'n ydele dreigement was en nooit tot 'n daadwerklike ondersoek oorgegaan het nie (De Bruin, 2006).

## 5.7 "Maroela-4 skotvry" (18 Februarie 2004)

*Beeld* het in hierdie nuusberig deur Liela Magnus berig dat die DOV het in sy verklaring gesê het hy gaan ondersoek instel na die media se optrede wat tydens die hofsaak na bewering sekere dele van die Strafproseswet oortree het. Dié ondersoek het egter nie in wese met die *sub judice*-reël te make gehad nie, maar met die bekendmaking van die beskuldigdes se identiteit. Die media het in hierdie geval artikel 153 van die Strafproseswet oortree wat bepaal dat die name van die beskuldigdes nie bekend gemaak mag word vóór hulle in die hof pleit, wanneer die aanklagte verband hou met 'n seksuele misdryf nie. (Die ander twee uitsonderings wanneer die beskuldigde se naam nie bekend gemaak mag word voor hy/sy pleit nie, is wanneer die persoon minderjarig is of wanneer die aanklagte verband hou met afpersing, volgens De Bruin [2006].)

*Beeld* het klaarblyklik ook dié bepaling van die Strafproses oortree deur die beskuldigdes wat van seksmisdaad aangekla word se name bekend te maak, maar dit hou nie verband met die *sub judice*-reël nie (cf. De Bruin, 2006). 'n Saak kan byvoorbeeld nie vooruitgeloop word wanneer die beskuldigde se naam bekend gemaak word nie en dus het die oortreding van artikel 153 niks met die *sub judice*-reël te make nie.

## 5.8 Gevolgtrekking

Die DOV het egter tot op hede nie verdere stappe geneem teen dié mediabronne wat klaarblyklik die *sub judice*-reël in hierdie saak verbreek het nie. Net soos in die saak teen Donovan Moodley, Leigh Matthews se moordenaar (hoofstuk 3), het die media telkens in die spervuur beland weens bewerings dat hulle die saak vooruitloop, maar is nie van minagting van die hof aangekla nie.

Die oortreding van die *sub judice*-reël tydens die beriggewing oor hierdie beweerde verkragting kon moontlik ook druk op die landdros geplaas het (Coetzee, 2006). Wanneer 'n saak soveel mediadekking geniet en die meriete daarvan in die media bespreek word, is die publiek se oë stip op die hof se beslissing gerig. Deur *Beeld* se voortdurende beriggewing oor die meisie se kant van die saak, kon die publiek dus verwag dat die vier verdagtes skuldig bevind sou word. In hierdie geval sou daar dan ook moontlik sommige lesers gewees het wie se vertroue in die regsproses 'n knou gekry het nadat die staat die klagtes laat vaar het.

Hoe dit ook al sy, daar was geen gevolge vir die oortreding van die *sub judice*-reël nie, omdat geen publikasie vir hul mistappe vervolg is nie. Dit skep groot verwarring by joernaliste. Die media word konstant gedwing om eerste die storie te publiseer en daarby moet elke publikasie se beriggewing oor die voorval meer inligting bevat as die opposisie s'n. Die gebrek aan die streng toepassing van die reël deur die howe skep dan onsekerheid oor wat die publikasie te doen staan,

luidens 'n hoofartikel, "Sub judice", wat op 22 Oktober 2004 in *Beeld* gepubliseer is. Etiese oorwegings het hier dikwels plek gemaak vir 'n "lekker storie", omdat daar nie 'n wesenlike risiko tot vervolging is nie.

# Hoofstuk 6: Kwalitatiewe analise van beriggewing oor Schabir Shaik

## 6.1 Inleiding

In hierdie laaste hoofstuk van die empiriese ondersoek gaan *Beeld* se beriggewing oor Schabir Shaik se korrupsieverhoor ontleed word om vas te stel of dié dagblad die *sub judice*-reël oortree het. Hierdie analise gaan net soos in hoofstuk 3, 4 en 5 aan die hand van die kriteria, soos uiteengesit in afdeling 2.2.2 van die studie, gedoen word. In die gevalle waar *Beeld* die reël oortree het, gaan verder ook bepaal word of die reël blatant verbreek is en of dit 'n genuanseerde oortreding is.

In hierdie hoofstuk is beriggewing oor die tydperk van 23 April 2001 tot 9 Desember 2005 bestudeer. Die navorser het altesaam 27 berigte ontleed en klaarblyklike oortredings van die *sub judice*-reël in vier van die berigte gevind.

## 6.2 Agtergrond

Die saak teen mnr. Schabir Shaik, die voormalige adjunkpresident Jacob Zuma se finansiële raadgewer, het Suid-Afrikaners se aandag vasgegryp. Dié sage is in mikroskopiese besonderhede deur die media ontleed en kommentaar is voortdurend daarop gelewer. 'n Voorbeeld hiervan kan gesien word in die berig wat op 15 Oktober in *Beeld* verskyn het met die opskrif "ANC sleutel tot Shaik se rykdom" (Joubert, 2004:16). Hierin word Shaik se pleitverduideliking ontleed en

kommentaar daarop gelewer soos:

> 'n Mens se ontsteltenis setel in dit wat Shaik... uiteengesit het as die natuurlikste ding ter wêreld (dat hy met behulp van die ANC verryk is), sonder om enige slaan op een van die fundamentele beginsels van die liberale demokrasie.

Die Skerpioene het Schabir Shaik in 2002 begin ondersoek en beweer hy het tussen Oktober 1995 en September 2002 bedrog gepleeg deur sowat R1,1 miljoen onregmatig aan Zuma te betaal. In Februarie 1999 het hy ook bedrog gepleeg toe hy R1,2 miljoen van sy en Zuma se skuld in die boeke van die Nkobi-groep, waarvan hy die hoofbeampte was, afgeskryf het. Die korrupsie-aanklag het weer gegaan oor die R1 miljoen se omkoopgeld wat die Franse verdedigingsmaatskappy, Thomson CSF, aan Zuma sou betaal het in ruil dat hy hul belange beskerm in die ondersoek na die wapenpakket. Shaik het die opbrengs van die misdaad ontvang en hy was betrokke by van die omkoopgeld (Liebenberg, 2003:7).

Die saak was verder ook die middelpunt van openbare besprekings, omdat die belastingbetaler ten nouste geraak is (De Bruin, 2006). Dit gaan immers oor R43,8 miljard se wapenaankooptransaksies. Die saak het egter ook veel wyer as net Shaik se bedrog en korrupsie uitgekring. Dit het Suid-Afrika se toekoms ook geraak. Zuma, wat in daardie stadium die adjunkpresident was en eerste aanspraak op die presidentskap maak, is ook in dié saak geïmpliseer (sien voorafgaande paragraaf).

Tydens die verloop van dié saak was dit die media se taak om die publiek op hoogte te hou van die nuutste verwikkelinge. Die media sou met reg kon argumenteer dat die saak van oorweldigende openbare belang is (sien paragraaf 1.2). Shaik het (toe nog net na bewering) bedrog en korrupsie met Jan en alleman se geld gepleeg en Zuma, met wie hy 'n korrupte verhouding gehad het, het geblyk om sy magsposisie te misbruik om dié wandade aan te help (sien twee voorafgaande paragrawe). Gesien in hierdie lig was dit dus die media se

verantwoordelikheid om soos waghonde te waak en ongerymdhede uit te wys.

Die openbare belang van die saak, asook die druk om mededingers met die nuutste inligting voor te spring, het egter 'n groot dilemma vir die media veroorsaak: waar moet die lyn getrek word wanneer die *sub judice*-reël ter sprake is?

## 6.3 "Zuma-geldman deel van wapentransaksie" (23 April 2001)

Nog vóór die hofsaak begin het, het die politieke redaksie op 23 April 2001 in hierdie nuusberig gesê dat Shaik 'n direkteur van African Defence Systems (ADS) is wat "sentraal staan tot heelparty van die wapentransaksies". Daar is verder gesê dat ADS deur Thomson CSF besit word wat R400 miljoen se toerusting vir die vloot se korvette moet verskaf. Hierdie inligting, tesame met die verdere feite dat Shaik die uitvoerende hoofbeampte van die Nkobi-groep van maatskappye is wat ook aandele in ADS het, kon daartoe lei dat die leser dink dat Shaik beslis nie onskuldig kan wees nie. Soos uiteengesit in afdeling 2.2.2 is dit 'n oortreding van die *sub judice*-reël aangesien die persepsie geskep word dat Shaik skuldig is.

## 6.4 "Skerpioene bevestig Shaik-ondersoek" (5 Desember 2002)

Bogenoemde persepsie wat geskep word dat Shaik skuldig is, is voortdurend versterk met beriggewing soos dié op 5 Desember 2002 toe geskryf is die Skerpioene sê 'n "hoëvlakondersoek" word gedoen na aantygings van omkopery teen Shaik en dat dit 'n hofstryd kan insluit. Die kommentaar skep verder ook 'n verwagting by die publiek dat Shaik vervolg moet word en indien dit dan nie sou gebeur nie, sou die publiek se vertroue in die regstelsel geknou word. In hierdie geval het die hofsaak nog nie begin nie, maar soos gesien in hoofstuk 2 kan die *sub judice*-reël wel oortree word vóór die saak begin het (sien afdeling 2.2.1). Volgens De la Harpe (2006) het die reël immers te make met gesonde

regspleging. Die voorafondersoek (wanneer die Skerpioene voorberei om hof toe te gaan) is dus deel van die regspleging.

## 6.5 "'Staak die kommentaar'" (28 Oktober 2004)

Verder het Moe Shaik, Shaik se broer, en die nasionale vervolgingsgesag (NV) telkens onderhoude aan die media toegestaan waar hulle kommentaar op die hangende saak gelewer het. Moe Shaik het in een van dié onderhoude buite die hof aan *Sapa* gesê oudpres. Nelson Mandela is "ongevraag" by getuienis betrek nadat daar in die hof gesê is Thomson-CSF het met Mandela en pres. Thabo Mbeki 'n gesprek gevoer voordat 'n kontrak vir die verskaffing van korvetwapenstelsels toegestaan is. Luidens hierdie nuusberig van Dries Liebenberg, wat op 28 Oktober 2004 in *Beeld* gepubliseer is, het hierdie kommentaar van Moe Shaik gevolg nadat daar getuig is Mandela het in 2000 R2 miljoen in Zuma se rekening inbetaal. Zuma het glo weer 'n deel van hierdie geld aan Schabir Shaik oorbetaal.

In dieselfde berig van 28 Oktober word gesê dat Regter Squires in die hof op hierdie kommentaar van Moe Shaik gereageer het toe hy gesê het dat Moe en die NV hul kommentaar moet staak omdat dit aan 'n mediaverhoor grens. Hy het verder gesê hy wil 'n transkripsie hê van alle onderhoude wat Moe Shaik aan die media gegee het. *Beeld* het egter nie, sover vasgestel kon word, enige van die kommentaar gepubliseer wat buite die hof kwytgeraak is nie en dus nie die *sub judice*-reël oortree deur op hierdie manier 'n mediaverhoor te hou nie.

## 6.6 Gevolgtrekking

*Beeld* se weerhouding daarvan om die *sub judice*-reël blatant te verbreek, is dan ook deurlopend toegepas in sy beriggewing oor die Shaik-verhoor. Die publikasie het verder ook nie kenners gevra om te spekuleer oor die uitkoms van die saak soos wat die geval was met die beriggewing oor Donovan Moodley of Jacob

Zuma nie, soos bespreek in hoofstukke 3 en 4. Sulke bespiegelinge kan tot die oortreding van die *sub judice*-reël lei, omdat dit die openbare vertroue en die onafhanklikheid van die regstelsel ondermyn (sien afdeling 2.2.1).

Net soos in die geval van die oortreding van die *sub judice*-reël deur die media in hul beriggewing oor die Moodley-, Zuma- en Tuks-vier-hofsake (sien hoofstuk 3, 4 en 5), het daar geen klagtes van minagting van die hof na aanleiding van die beriggewing oor die Shaik-saak gekom nie (De Bruin, 2006; Du Toit, 2006). Dit is ten spyte daarvan dat die *Sunday Tribune* in Oktober 2004 'n voorbladberig geplaas het (Beharie, 2004:1) wat op 'n verslag van die Skerpioene gebaseer is. Die inhoud van die verslag was egter nog nie as bewyse in die hof aanvaar nie en het 'n aansienlike deel van die staat se saak uitgemaak. Adv. Billy Downer (SC), die staatsaanklaer in die saak, het verder ook in 'n berig wat op 22 Oktober in *Beeld* gepubliseer is - "Media weer teen vooruitloop gemaan" – (Liebenberg, 2004:4), betoog dat "sensasionele beriggewing" 'n bedreiging vir die regverdigheid van die verhoor inhou. Die saak is egter net daar gelaat.

Dit is veral vreemd gesien in die lig daarvan dat hierdie blatante verbreking van die reël in dieselfde tyd as die publisering van Moodley se selmaatbekentenis in *You* (Laganparsad, 2004) plaasgevind het. 'n Mens sou tog verwag dat die regslui tydens die Shaik-verhoor streng sou optree so kort ná die vorige blatante oortreding van die *sub judice*-reël deur *You* indien hulle wou verseker dat die media by die bepalings hou.

Opmerklik is dat *Beeld* homself daarvan weerhou het om die inhoud van hierdie verslag te publiseer vóór dit in die hof voorgehou is en dus het hy nie die *sub judice*-reël in hierdie geval blatant oortree nie. *Beeld* het dus nie in hierdie geval die *sub judice*-reël so blatant oortree soos die *Sunday Tribune* in sy beriggewing oor die Shaik-saak nie. *Beeld* het egter deur feite op 'n bepaalde wyse aan te bied wel gesuggereer dat Shaik skuldig kan wees op die aanklagte van korrupsie en bedrog waarop hy tereg gestaan het. Die oortredings van die reël is in hierdie

geval dus eerder genuanseerde oortredings (sien afdeling 2.2.2).

Met die Shaik-verhoor kan mens egter die afleiding maak dat hy tog 'n regverdige verhoor gehad het ten spyte van die oortredings van die *sub judice*-reël. Hy het nie een keer aangevoer dat die media hierdie reg van hom aantas nie. Net soos met die vorige bespreekte hofsake, is die bestaansreg van die reël onder verdenking aangesien dit lyk of daar geen gevolge is vir die oortreding van die reël nie.

# Hoofstuk 7: Slot

## 7.1 Inleiding

In hierdie slothoofstuk word gevolgtrekkings na aanleiding van die navorsingsdoelwitte, soos uiteengesit in hoofstuk 1, uitgelig. In afdeling 7.2 word daar gekyk na die gevolgtrekkings van die literatuurstudie (hoofstuk 1 en 2). In afdeling 7.3 word die gevolgtrekkings van die empiriese studie saamgevat (hoofstuk 2, 4, 5 en 6) en laastens word die aanbevelings bespreek.

## 7.2 Gevolgtrekkings

### 7.2.1 Literatuurstudie

Die eerste twee doelstellings van die studie, soos uiteengesit in afdeling 4 in hoofstuk 1, is in die literatuurstudie bereik (hoofstuk 2). Die eerste doelstelling was:

- **Om vas te stel wat die *sub judice*-reël behels en watter funksie dit vervul tydens die verloop van die regsproses in die hedendaagse samelewing.**

Die eerste doelwit is gedeeltelik bereik na afloop van die bestudering van die literatuur in hoofstuk 2 toe vasgestel is dat die *sub judice*-reël die volgende behels (Hill, 2001: 555):

> Die *sub judice*-reël bepaal dat die media nie 'n hofsaak vooruit mag loop vandat die regsproses in aanvang geneem het nie. Hiervolgens mag geen bespiegelinge, kommentaar of opinies oor hangende siviele en kriminele sake uitgespreek word nie (afdeling 2.1).

Die tweede gedeelte van hierdie eerste doelstelling rakende die funksie wat die *sub judice*-reël tydens die verloop van die regsprosesse in die hedendaagse samelewing speel, is ook in hoofstuk 2 bereik toe vasgestel is dat die *sub judice*-reël die volgende funksies vervul (Burchell & Milton, 2005: 945):

- **die burger se reg tot 'n regverdige verhoor,**
- **die behoud van die publiek se vertroue in die regstelsel, en**
- **die instandhouding van die integriteit van die regsbevele en – instruksies.**

Die sentrale idee van hierdie eerste doelstelling wat uit die literatuurstudie na vore kom, is dat die *sub judice*-reël wel nog 'n funksie het om te vervul in die verloop van die regsproses, al het Suid-Afrika nie meer juries wat as regsleke deur die media beïnvloed kan word nie. Hierdie funksie is nie soseer om die burger se reg op 'n regverdige verhoor te verseker nie, maar om die publiek se vertroue in die regstelsel behoue te laat bly.

Die tweede doelwit is vervolgens ook in hoofstuk 2 bereik toe die navorser vasgestel het hoe die *sub judice*-reël deur die media toegepas word. Hierdie doelwit lui soos volg:

- **Om vas te stel hoe die *sub judice*-reël in die Suid-Afrikaanse media toegepas word volgens die literatuur.**

Die belangrikste stelling wat hierdie navorsingsdoelwit saamvat, word in Burchell en Milton se boek, *Principles of Criminal Law* (2005:943), uitgelig. Hier sê hulle dat daar geen duidelike antwoord is oor wanneer die regsproses begin en gevolglik ook nie sekerheid oor wanneer 'n saak *sub judice* is nie. Hierdie onsekerheid wat in die literatuur uitgelig word, is dan ook die rede waarom die media die reël nie konsekwent toepas nie, maar hulle tydens spesifieke sake deur hul regsverteenwoordigers, die kwessie van openbare belang en mededingers se optredes laat lei. Die rede vir die inkonsekwente toepassing van die reël word ook deur De Bruin (2006) bevestig (sien afdeling 2.1):

> Dié inkonsekwente toepassing van die *sub judice*-reël veroorsaak groot verwarring onder joernaliste. Dit word algaande al hoe meer afgewater en die reël word al meer blatant oortree, maar die oortreders kom skotvry daarvan af.

### 7.2.2 Empiriese studie

In die empiriese deel van die studie is *Beeld* se beriggewing oor die Donovan Moodley-, Jacob Zuma-, die Tuks-vier- en die Schabir Shaik-saak ontleed ten einde die derde doelstelling te bereik, naamlik:

- **Om vas te stel hoe die *sub judice*-reël deur *Beeld* toegepas word.**

Wanneer die beriggewing oor die Donovan Moodley-saak (hoofstuk 3), die Jacob Zuma-saak (hoofstuk 4), die Tuks-vier-saak (hoofstuk 5) en die Schabir Shaik-saak (hoofstuk 6) in oënskou geneem word, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat *Beeld* wél die *sub judice*-reël oortree het (sien tabel 7.2 hieronder). Dit blyk egter ook duidelik dat die oortredings wat dié Afrikaanse dagblad begaan het, eerder fyn genuanseerde oortredings van die reël is as blatante oortredings daarvan.

Hierdie derde doelstelling is bereik deur *Beeld* se beriggewing te vergelyk met die blatante oortredings van die *sub judice*-reël, volgens Burns (2001:228), soos uiteengesit in hoofstuk 2, naamlik:

- Kommentaar op die meriete van 'n hangende saak;
- Die bekendmaking van enige inligting wat die regsproses vooruitloop;
- Die publisering van inligting van 'n aangeklaagde voor die verhoor afgehandel is, byvoorbeeld besonderhede oor sy vorige kriminele oortredings alvorens dit in die hof bewys is;
- Die publisering van enige inligting wat 'n aangeklaagde of regspersoon beoog om in die hof te gebruik of wat 'n bevinding voor die hof vel;
- Die publisering van 'n foto van 'n aangeklaagde waar sy/haar identiteit 'n kwessie is;
- Die publisering van enige inligting wat die hof se bevindings kan beïnvloed, soos die publisering van 'n dreigement.

Burchell en Milton (2005: 949-950) se aanvullende oortredings is vervolgens ook geraadpleeg om aan die derde doelstelling te voldoen. Hiervolgens kan die *sub judice*-reël ook op die volgende maniere oortree word:

- Kommentaar wat suggereer dat 'n persoon skuldig of onskuldig is op die aanklag(te);
- Die aanval van die persoon se karakter of om die persoon lof toe te swaai;
- Kommentaar oor die geloofwaardigheid, karakter of gedrag van 'n getuie; of
- Wanneer 'n regter versoek word om bewyse wat tydens die verloop van die geding ingedien is, te verwerp.

Om die genuanseerde oortredings van die *sub judice*-reël waaraan *Beeld* hom skuldig gemaak het, beter te verstaan, is dit egter eers nodig om die oortredings,

soos in die voorafgaande empiriese hoofstukke bespreek, saam te vat.

Tabel 7.2 gee 'n duidelike uiteensetting van die aantal berigte wat die navorser oor elk van die vier sake ondersoek het, asook die aantal berigte waarin *Beeld* die *sub judice*-reël oortree het.

***Tabel 7.2***

| | **Donovan Moodley** | **Jacob Zuma** | **Tuks-vier** | **Schabir Shaik** |
|---|---|---|---|---|
| Aantal berigte bestudeer | 18 | 18 | 13 | 27 |
| Aantal berigte met oortredings | 5 | 5 | 6 | 4 |

Die meeste oortredings het tydens die beriggewing oor Donovan Moodley, Leigh Matthews se moordenaar, en Jacob Zuma, wat van verkragting aangekla is, voorgekom. Opmerklik is dat *Beeld* nie een keer gemaan is om te waak teen die oortreding van die reël nie. Die navorser kon verder ook geen bewyse opspoor dat enige ander publikasie gedagvaar is vir minagting van die hof oor beriggewing oor Moodley en Zuma se hofsake of dat daar enige vermanings in die hof uitgespreek is nie.

Soos bespreek in hoofstuk 3 het *Beeld* kommentaar gepubliseer wat 'n oordeel oor Moodley vel, asook materiaal gepubliseer wat nog nie in die hof as bewyse ingedien is nie. Daar kon egter geen kommentaar van Moodley of sy prokureur in *Beeld* opgespoor word waarin hulle beweer dat Moodley nie 'n regverdige verhoor gehad het nie.

Dieselfde geld die beriggewing oor Jacob Zuma se verkragtingsaak. Zuma het telkemale teen die media uitgevaar (sien hoofstuk 4), omdat hulle hom glo in die openbaar verhoor het. Hy is egter steeds onskuldig bevind. Die afleiding kan dus gemaak word dat die regter nie die oordeel wat die media oor Zuma gevel het as 'n beduidende invloed op die verloop van die gereg geag het nie. Hierdie siening

word verder ondersteun deurdat die hof sover vasgestel kon word, nie een keer die media gemaan het om nié die *sub judice*-reël te verbreek nie.

Die uitspraak in die Zuma-saak kan 'n aanduiding wees dat regters hulle nie noodwendig deur mediaberiggewing laat beïnvloed soos sommige regskenners meen moontlik kan gebeur nie (De la Harpe, 2006).

In die geval van Zuma is dit duidelik dat uitsprake gegrond word op die feite wat voor die hof gelê word en nie op die kommentaar en spekulasie van die media nie. Regter Willem Van der Merwe se hantering van die hofsaak en die redes wat hy vir sy uitspraak aangevoer het, het verder ook meegebring dat die publiek sy beslissing aanvaar het ten spyte van beriggewing wat Zuma in 'n negatiewe lig gestel het. In 'n berig wat op 9 Mei 2006 in *Beeld* verskyn het onder die opskrif "Hy is vry (vir eers)", word berig dat Van der Merwe aangevoer het daar kan nie bo redelike twyfel bewys word dat Zuma skuldig is nie. Hy het egter nie nagelaat om Zuma uit te trap omdat hy as rolmodel seks gehad het sonder 'n kondoom met iemand wat soveel jonger as hy is nie. In hierdie geval blyk dit dat kenners soos De Bruin (2006), Hill (2001:563) en Cleaver (1993: 531-542) se sienings dat die *sub judice*-reël in sy huidige vorm nie meer bestaansreg het nie, meer gewig dra, omdat die oortreding van die reël klaarblyklik geen noodwendige invloed op die verloop van die regsproses het nie.

Tydens die hofsaak teen die vier Tukkiesstudente wat na bewering 'n matriekmeisie in hul koshuis verkrag het (hoofstuk 5), is die media egter telkens gemaan om nie die *sub judice*-reël te verbreek nie. Die direkteur van openbare vervolging het regstappe teen die media oorweeg nadat die media na bewering nie genoeg beskerming aan die beskuldigdes of die klaagster gebied het nie. Na wat vasgestel kon word, het hy die saak egter net daar gelaat, ten spyte van die openbare persepsie wat *Beeld* en ander media geskep het dat die vier studente moontlik skuldig is, is hulle onskuldig bevind (sien hoofstuk 5).

In die korrupsieverhoor van Schabir Shaik kon die minste bewyse van die oortreding van die *sub judice*-reël in *Beeld* opgespoor word. Slegs vier van die 27 berigte wat ontleed is, het tekens van (weereens) genuanseerde oortreding getoon. Shaik se regsverteenwoordiger, adv. Billy Downer (SC), het wel teen die media se "sensasionele beriggewing" uitgevaar (hoofstuk 6), maar geen klagtes van minagting van die hof is helaas ingedien nie.

Gesien in die lig van die funksie van die *sub judice*-reël, naamlik om te verhoed dat die media die verloop van die reg vooruitloop, kan weereens gevra word waarom die reël nog bestaan as die oortreding daarvan ooglopend nie 'n invloed op die uitkoms van die saak het nie? In die geval van die Shaik-saak is die reël immers blatant oortree deur inligting van 'n verslag te publiseer wat nog nie aan die hof voorgehou is nie en 'n wesenlike deel van die staat se saak uitgemaak het.

Uit die bogenoemde samevatting blyk dit dus duidelik dat *Beeld* nie die *sub judice*-reël blatant oortree het nie. Die oortredings wat wel hier na vore kom, is verskillende kenners se interpretering van die reël met die spesifieke nuanses wat hulle daaraan gee. Hier word byvoorbeeld verwys na Snyman (1995:330-335) en De la Harpe (2006) se sienings in hoofstuk 2 dat die howe daartoe in staat moet wees om 'n besluit te maak sonder enige invloed van die media. Hulle meen die hof kan deur die materiaal of kommentaar wat die media publiseer, beïnvloed word.

Die media behoort egter nie die hof te kan beïnvloed nie. Oordele word in die howe gevel op grond van bewyse wat voor die hof gebring is en wat in die hof getoets is – nie op grond van mediaberigte nie. Regters is ook nie regsleke wat deur joernaliste se berigte gemanipuleer kan word nie, in teenstelling met jurielede wat deur die *sub judice*-reël teen die media beskerm moes word (sien hoofstuk 2).

Wat wel kan gebeur, is dat die media die hof se onafhanklikheid of geloofwaardigheid skade kan berokken. Volgens De la Harpe (2006) is dit ook belangrik dat 'n beskuldigde 'n regverdige verhoor in die publiek se oë moet ontvang. Wanneer koerante dit uitbasuin dat die hy/sy skuldig is en allerlei "bewyse" verskaf maar die regter bevind die persoon onskuldig of vice versa, kan die oortreding van die *sub judice*-reël veroorsaak dat die publiek die onafhanklikheid van die hof in twyfel begin trek.

Dit blyk dus dat die *sub judice*-reël vaag is. Talle regsgeleerdes het verskillende genuanseerde interpretasies daarvan. Die media moet egter steeds sy funksie vervul as inligtingverskaffer aan die publiek en moet voortdurend poog om 'n goue middeweg te vind tussen sy reg op vryheid van spraak en die beskuldigde se reg op 'n billike verhoor. Daar kan ook geredeneer word dat die media die reël te letterlik interpreteer om sodoende meer vryheid te kry. Die media sal hom byvoorbeeld daarvan weerhou om dokumente te publiseer wat nog aan die hof voorgehou moet word, maar steeds met die sogenaamde *trial by media* voortgaan. Die media sal in hierdie geval dan streng gesproke volgens die reël nie die saak vooruitloop nie, maar die geloofwaardigheid van die hof in die publiek se oë aantas deur die beskuldigde "skuldig" te bevind – en dit is reeds iets wat deur die *sub judice*-reël instand gehou moet word.

## 7.3 Aanbevelings

Die laaste doelwit word in hierdie paragraaf bereik wanneer die kenners se menings en die literatuur saamgevoeg word. Hiervolgens is bepaal:

- **Hoe die *sub judice*-reël (indien moontlik) aangepas kan word sonder om individue se regte aan te tas.**

Na aanleiding van die slotparagraaf van afdeling 7.2, kan die afleiding gemaak word dat dit voordelig sal wees om meer aandag aan die fyner nuanses van die

*sub judice*-reël te gee ten einde die media se verwarring en manipulering daarvan te beperk. 'n Stel riglyne wat die implikasies van die reël uiteensit, kan moontlik tot verantwoordeliker beriggewing lei. Die verskeie publikasies kan hierdie riglyne byvoorbeeld in hul onderskeie institusionele etiese kodes opneem.

Hill (2001:589-592) se aanbevelings rakende moontlike veranderinge aan die *sub judice*-reël is ook belangrik (sien paragraaf 2.7.2). Volgens hom moet daar 'n risiko van werklike vooroordeel bestaan voordat 'n publikasie hom skuldig maak aan minagting van die hof. Suid-Afrika kan byvoorbeeld ook Engeland se risiko-toets aanneem waarvolgens ernstige vooroordeel ter sprake moet wees voordat die publikasie deur die hof aangespreek of vervolg word.

Die oorname van bogenoemde risiko-toets vir die oortreding van die reël uit die Engelse regstelsel sal, volgens die navorser, die toepassing van die *sub judice*-reël in die Suid-Afrikaanse konteks grootliks vergemaklik. Daar sal dan ook uitsluitsel gekry moet word oor die manier waarop die standaard vir bewyse en die toetse vir nalatigheid (*mens rea*) toegepas gaan word (sien paragraaf 2.7.2.1). Dit sal die media in Suid-Afrika meer vryheid gee in hul beriggewing oor 'n hofsaak, maar ook verhoed dat hulle spekulering as bewyse aan die publiek voorhou en 'n beskuldigde se regte so aantas deur hom/haar in die koerante te verhoor.

Coetzee (2006) beveel ook aan dat die risiko-toets gebruik word eerder as die strekkingstoets (sien hoofstuk 2) wat tans in Suid-Afrika gebruik word om vas te stel of die *sub judice*-reël oortree is. Volgens laasgenoemde toets is gepubliseerde materiaal minagtend van die hof wanneer dit die strekking het om met die bewyse in die saak in te meng. Hierteenoor word die risiko-toets gebruik om te bepaal of die publikasie van die betrokke inligting 'n wesenlike risiko inhou om met die verloop van die geregtelike prosedures in te meng.

Na aanleiding van die ontleding van *Beeld* se beriggewing wat die toepassing

van die *sub judice*-reël betref, kan die afleiding gemaak word dat die reël nie noodsaaklik is om te verseker dat 'n beskuldigde se regte nie aangetas word nie. Die reël speel egter 'n belangrike rol om die geloofwaardigheid van die hof in die publiek se oë te handhaaf. Dit is immers nie net van belang dat 'n beskuldigde wel 'n regverdige verhoor moet hê nie, maar ook dat dit deur die publiek as regverdig gesien moet word. Dit is dus nodig om die *sub judice*-reël aan te pas en in lyn met die huidige realiteite te bring. Hierdie aanpassing kan begin deur die strekkingstoets deur die risiko-toets te vervang.

Die *sub judice*-reël perk die media tans net in op 'n teoretiese vlak. In die praktyk word die reël nie meer streng toegepas nie, maar dit is steeds 'n swaard wat oor die media se kop hang. Die polisie het byvoorbeeld die *Sunday Times* gewaarsku dat "sensasionele beriggewing" oor die Leigh Matthews-moord hul ondersoek knou (sien hoofstuk 2).

In die verloop van die verkragtingsaak teen die Tuks-vier (sien hoofstuk 4) is die pers ook in die breë deur regter Retha Meintjies aangespreek, omdat "die totaliteit van wat gepubliseer is, nie behoorlike beskerming aan die klaagster of beskuldigdes gee nie", soos gesien kan word in "Streng reëls vir Tuks-4 ná hulle borgtog kry" (Magnus, 2003a:1). Net so is die *Sunday Tribune* ook voor stok gekry tydens die Schabir Shaik-hofsaak (hoofstuk 6) nadat hy inligting gepubliseer het wat nog nie in die hof as bewyse ingedien is nie (Mthombothi, 2004). Regter Hilary Squires het gesê die media moet hom daarvan weerhou om getuienis openbaar te maak voordat dit aan die hof voorgelê is.

Dit is dus duidelik dat die media telkens teen die verbreking van die *sub judice*-reël gewaarsku word. Desondanks kon geen bewyse gevind word van 'n publikasie wat in die laaste jare vervolg is nie. Dit het dus tyd geword dat die reël aangepas word om die realiteit van die hedendaagse regstelsel en toepassing van die reël te weerspieël.

*Beeld* stel dit onomwonde in 'n hoofartikel op 22 Oktober 2004 dat die *sub judice*-reël uitgedien is. "Die *sub judice*-reël... lê op sy sterfbed en moet gouer eerder as later die doodskoot van die appèlhof kry." In hierdie kommentaarartikel verwys *Beeld* ook na die senior regslui prof. Marius Wiechers en adv. Norman Arendse, SC, wat meen dié reël is nie meer nodig nie en dat dit prakties nie meer toegepas word nie. "Dit skep regsonsekerheid by veral die media. Die *sub judice*-reël word byna daagliks in minder belangrike sake geïgnoreer, maar sodra 'n hoëprofielsaak begin, onthou almal skielik die *sub judice*-reël."

## 7.4 Verdere navorsing

Verskeie moontlikhede van verdere studies met hoofsaaklik 'n regsbegronding kan spruit uit hierdie studie. Dit sluit die volgende in:

7.4.1. Tentatiewe afleidings is in hierdie studie gemaak oor die invloed van die verbreking van die *sub judice*-reël op die verloop van die regsproses. Van die belangrikste afleidings wat gemaak is, sluit in dat daar geen wesenlike bewyse is dat die verbreking van die *sub judice*-reël in sy huidige vorm enige gevolge vir die verloop van die regsproses inhou nie. 'n Verdere afleiding is ook gemaak dat die reël in 'n vernuwende vorm tog nodig is om die geloofwaardigheid van die hof in stand te hou en die regte van die beskuldigde te beskerm. Geen bewese gevolgtrekkings kon hieroor gemaak word nie, maar dit regverdig verdere studie.

7.4.2. Net so sal dit ook insiggewend wees indien verdere ondersoek gedoen word om vas te stel of die verbreking van die *sub judice*-reël wél die geloofwaardigheid van die hof aantas. Indien wel, tot watter mate, soos wat kenners soos De la Harpe (2006) en Du Toit (2006) aanvoer.

7.4.3 Na aanleiding van die bevindinge genoem in 7.4.2 kan ondersoek gedoen word oor wat die effek sal wees as die regstelsel se geloofwaardigheid in die oë van die publiek afneem en hoe dit die bestaansreg van die reël raak.

## Bronnelys


BASSON, A. 2004a. Sensasie knou Leigh-ondersoek. *Beeld*: 5, 23 Augustus.

BASSON, A. 2004b. Publiek word teen verdagte gedraai! *Beeld*: 4, 8 Oktober.

BASSON, A. 2006. 'Arrogante VN dreig my', sê vrolike Zuma. *Beeld:* 2, 23 September.

BASSON, A., LIEBENBERG, D. & LA GRANGE, B. 2005. Zuma sal nie billike verhoor hê. *Beeld*: 2, 10 November.

BASSON, A. & ROSSOUW, M. 2005. Saak 312/11/2005. *Beeld*: 1, 19 November.

BASSON, A., STEENKAMP, L. & JANSE VAN VUUREN, A. 2004. Só is 'vriend' gevang. *Beeld*: 1, 5 Oktober.

BEELDSPAN. 2004. Sy ouma het vir Leigh gebid. *Beeld:* 1, 6 Oktober.

BEELDSPAN. 2006. Hy is vry (vir eers). *Beeld:* 1, 9 Mei.

BURCHELL, J. & MILTON, J. 2005. Principles of criminal law. Lansdowne: Juta. 943 p.

BURNS, Y. 1990. Media law. Durban: Butterworths. 420 p.

BURNS, Y. 1997. Freedom of expression under the new constitution. *Compariatve & international law journal of Southern Africa*, 30(3):140-148.

BURNS, Y. 2001. Communications law. Durban: Butterworths. 464 p.

CARSTENS, S. 2003. Pille vóór leuentoets. *Beeld*: 1, 22 September.

CLEAVER, C. 1993. Ruling without reasons: contempt of court and the *sub judice* rule. *South African law journal*, 110(3):550-542.

COETZEE, C. & LA GRANGE, B. 2006. Msholozi kap media wat hom verhoor. *Beeld*: 4, 9 Mei.

COETZEE, F. 2006. Mondelinge mededeling aan outeur. Johannesburg. (Notas in besit van outeur.)

DE BRUIN, P. 2006. Mondelinge mededeling aan outeur. Johannesburg. (Notas in besit van outeur.)

DE LA HARPE, S. 2006. Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom. (Notas in besit van outeur.)

DU TOIT, P. 2006. Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom. (Notas in besit van outeur.)

HATCH, J.A. 2002. Doing qualitative research in education settings. New York: State University of New York. 299 p.

HILL, G. 2001. *Sub judice* in South Africa: time for a change. *South African journal of human rights*, 17(4):563-593.

JOUBERT, J. 2004. ANC sleutel tot Shaik se rykdom. *Beeld: 16,* 15 Oktober.

KRIEL, L. 2004. Rule in the eye of the storm. *Mail & Guardian,* 27 November. http://blogspot.mg.co.za/?=node/167. Datum van gebruik: 7 Desember 2004.

LACKAY, A. 2002. Skerpioene bevestig Shaik-ondersoek. *Beeld:* 4, 5 Desember.

LA GRANGE, B. 2003a. Afgryse op Tuks oor beweerde verkragting. *Beeld*: 8, 12 September.

LA GRANGE, B. 2003b. Politici veroordeel 'barbaarse' voorval. *Beeld*: 8, 13 September.

LA GRANGE, B. & STEENKAMP, L. 2004. Hebsug lei tot moord op Leigh. *Beeld*: 4, 6 Oktober.

LIEBENBERG, D. 2003. 'Korrupte verhouding' kom ver. *Beeld*: 7, 28 Augustus.

LIEBENBERG, D. 2004a. Media weer teen vooruitloop gemaan. Beeld: 4, 22 Oktober.

LIEBENBERG, D. 2004b. Staak die kommentaar. *Beeld: 2,* 28 Oktober.

MAGNUS, L. 2003a. Streng reëls vir Tuks-4 ná hulle borgtog kry. *Beeld:* 1, 19 September.

MAGNUS, L. 2003b. Maroela-4 skotvry. *Beeld*: 1, 18 Februarie.

MKOSI, Z. 2004. The *sub judice* excuse. *Mail & Guardian,* 7 December. http://www.themedia.co.za. Datum van gebruik: 7 Desember 2004.

MAKIWAME V AFRIKAANSE PERS BEPERK [1957] 2 SA 560 (W) at 562.

MARÉ, M.C. 1997. Criminal law and the Bill of Rights. (*In* Rautenbach, I.M. Bill of Rights Compendium. Durban: Butterworths. 374 p.

MASUALE, P.R. 2004. The constitutional protection of freedom of speech and the prohibition of hate speech in South Africa: promise and pitfalls. Mafikeng: North-West University (Mafikeng Campus.) (Verhandeling - LLM.)

MEYER, L. & JANSEN, H. 2007. Leigh was dae lank in lykhuis. *Rapport*: 1, 13 November.

MTHOMBOTHI, B. 2004. Better to err on the side of openness. *Sunday Tribune*, 24 Oktober.

NEL, J. 2004. Onsteld oor 'die gevaar van binne'. *Beeld*: 4, 6 Oktober.

PENFOLD, G. & BOWNES, W.B. 2005. South African National Editor's Forum: The *sub judice* rule. http://www.sanef.org.za. Datum van gebruik: 9 Maart 2006.

PEPLER, I. & LA GRANGE, B. 2003. 18-jarige se sielestryd. *Beeld:* 1,13 September 2003.

POLITIEKE REDAKSIE. 2001. Zuma-geldman deel van wapentransaksie. *Beeld*: 4, 23 April.

RAUBENHEIMER, C. & LA GRANGE, B. 2003. Verkrag-hel in Tuks-koshuis. *Beeld*: 1, 12 September.

S V HARBER [1988] 3 SA 396 (A) at 418.

S V MAMABOLO [2001] 3 SA 409 (CC) 427.

S V VAN NIEKERK [1972] 3 SA 711 (A) at 724.

SILVERMAN, D. 2000. Doing qualitative research: a practical handbook. London: Sage. 316 p.

SMIT, K. 2006a. Regskenners verskil oor Zuma-saak se uiteinde. *Beeld*: 2, 13 Maart.

SMIT, K. 2006b. 'My name is Zuma' en ek wil iets eis. *Beeld*: 2, 4 Julie.

SNYMAN, C.R. 1999. Strafreg. 4$^{de}$ uitg. Durban: Butterworths. 632 p.

STUART, K.W 1990. The newspaperman's guide to the law. 5th ed. Durban: Butterworths. 352 p.

SUID-AFRIKA. 1969. Wet op Afskaffing van Juries, Wet no 34 van 1969. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet no 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

WENTZEL, T. 1997. Minagting van die hof *in facie curiae*. Pretoria: Unisa. (Verhandeling - LLM.)

ZUMA, J. 2005. Verklaring deur mnr. Jacob Zuma, adjunkpresident van die ANC. *Beeld:* 4, 7 Desember